

Gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool

J van Heerden

20038790

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister Artrium* in *Maatskaplike Werk* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof C Strydom

Mei 2014

DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag diegene wat my oor die afgelope twee jaar ondersteun het:

- My Hemelse Vader wat my gedra het in die afgelope twee jaar en my die krag en moed gegee het om vol te hou. *“Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee”* (Fil 4:3)
- My man, Werner van Heerden, vir sy ondersteuning, bemoediging, geduld en liefde. Ek is baie lief vir jou!
- My ouers, skoonma, familie en vriende vir die ondersteuning en belangstelling tydens my studies.
- Prof. Corinne Strydom, my studieleier, vir haar ondersteuning, tyd, hulp, leiding en kennis wat sy gedeel het.
- Die betrokke skool wat vir die bereidwilligheid om my toe te laat om my navorsing daar toe kon uitvoer.
- Al die deelnemer wat deelgeneem het aan die ondersoek.
- Me. Cynthia Hutchinson vir die noukeurige taalversorging.

OPSOMMING

TITEL: Gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool.

SLEUTELTERME: Gedragsprobleme, Kliniekskool, Seksueel misbruik, Seuns

Seksuele misbruik van kinders is 'n komplekse en sensitiewe onderwerp wat die kind, families sowel as die breër gemeenskap beïnvloed. As daar verwys word na seksuele misbruik word dit gewoonlik gekoppel aan dogters. Alhoewel daar baie min literatuur beskikbaar is wat fokus op navorsing van seksuele misbruik van seuns, kan dit nooit misken word nie. Die betrokke kliniekskool waar die navorsing uitgevoer is, is 'n skool vir gedragsmoeilike seuns in die middelkinderjare (6-12 jaar).

'n Groot aantal van die seuns in die skool is seksueel misbruik of, op 'n stadium in hulle lewe blootgestel aan seksuele misbruik. Dit is duidelik dat kinders wat seksueel misbruik word, of was, soms 'n verskeidenheid probleme ervaar onder andere gedragsprobleme. Daar is min navorsing in Suid-Afrika beskikbaar wat spesifiek fokus op seksuele misbruik en gedragsprobleme. Dit wil voorkom of dié seuns trauma eksternaliseer en dit lei dan tot gedragsprobleme. Dit was dus nodig om vas te stel watter uitwerking seksuele misbruik op die seuns het, om sodoende te verseker dat daar korrekte dienste aan hierdie seuns gelewer kan word.

Die doel van hierdie studie was om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek, gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool te ondersoek. Die navorser het terselfde tyd 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering gevolg. Vir die kwantitatiewe benadering is die totale populasie van die seksueel misbruikte seuns in die kliniekskool betrek en 'n selfopgestelde vraelys voltooi. Vir die kwalitatiewe benadering is fokusgroepe met die "SBST" (School Based Support Team), onderwysers en jeugwerkers van die skool gehou.

Daar is aanbevelings gemaak wat poog om te verseker dat daar korrekte dienste aan die seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool gelewer word, ten einde hulle probleemgedrag te hanteer en vinniger te rehabiliteer.

ABSTRACT

TITLE: Behavioral problems of sexually abused boys in a clinic school.

KEY WORDS: Behavior Problems, Clinic School, Sexual Abuse , Boys

Sexual abuse of children is a complex and sensitive subject that has an influence on children , families and the wider community . In referring to the term sexual abuse it is usually associated with girls. Although there is very little literature available that focus specially on the sexual abuse of boys, it can never be denied. The clinic involved school where the research was conducted is a school for behaviour difficult boys in middle childhood (6-12 years).

There are a large number of sexually abused boys or boys who have been exposed to sexual abuse in the concerned school. It is clear that children who have been sexually abused sometimes have a variety of problems including behavioral problems. There is little research available in South Africa that focuses specifically on sexual abuse and behavioral problems. It seems that boys externalize trauma and that lead to behavioral problems. It was therefore necessary to determine the impact of sexual abuse on the boys, to ensure that appropriate services can be delivered to these boys.

The purpose of this study was to investigate behavioral problems of sexual abuse of boys in a clinic school by means of a literature study and empirical research. The researcher conducted qualitative and quantitative approach at the same time. For the quantitative approach, the total population of the sexually abused boys in the clinic school was involved in the study and a questionnaire compiled by the researcher was completed. For the qualitative approach, focus group was held with " SBST " (School Based Support Team) , teachers and child and youth care workers.

There are recommendations made that seek to ensure that proper services can be provided to the sexual abuse of boys in a clinic school, in order to address their problem behavior and rehabilitate them faster.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

Dankbetuigings	2
Opsomming	3
Abstract	4
1. Probleemstelling	9
2. Doelstellings	12
3. Sentrale teoretiese stelling	13
4. Metode van ondersoek	13
4.1 'n Literatuur- of bronontleding	13
4.2 Empiriese ondersoek	14
4.2.1 <i>Onderwerp</i>	14
4.2.2 <i>Deelnemers</i>	15
4.2.3 <i>Insamelingsmetode</i>	16
4.2.4 <i>Prosedure</i>	16
4.2.5 <i>Etiese Aspekte</i>	17
4.2.6 <i>Dataverwerking</i>	18
5. Terminologie	19
5.1 Gedragsprobleme	19
5.2 Kliniekskool	20
5.3 Seksuele misbruik	20
6. Leemtes van die ondersoek	21
7. Resultate	21
7.1 Vraelyste voltooi deur seksueel misbruikte seuns	21
7.1.1 <i>Inleiding</i>	21
7.1.2 <i>Studie populasie</i>	22
7.1.3 <i>Profiel van deelnemers</i>	22
7.1.3.1 <i>Huistaal van deelnemers</i>	22
7.1.3.2 <i>Etniese groepe van deelnemers</i>	22
7.1.3.3 <i>Ouderdom van deelnemers</i>	23

7.1.4	<i>Deelnemers se kennis rakende die term “seksuele misbruik”</i>	24
7.1.5	<i>Oorsprong van kennis rakende die term “seksuele misbruik”</i>	25
7.1.6	<i>Deelnemers se erkenenis rakende hulle eie misbruik</i>	26
7.1.7	<i>Ouderdom van misbruik</i>	26
7.1.8	<i>Verhouding met oortreder</i>	27
7.1.9	<i>Invloed van seksuele misbruik op ’n kind se gedrag</i>	27
7.1.10	<i>Invloed van seksuele misbruik op deelnemer se gedrag</i>	28
7.1.11	<i>Gedrag as gevolg van seksuele misbruik</i>	28
7.1.12	<i>Gedragsprobleme van deelnemers</i>	29
7.2	<i>Fokusgroepe gehou met “SBST”, jeugwerkers en onderwysers</i>	55
7.2.1	<i>Profiel van deelnemers</i>	55
7.2.2	<i>Temas en sub-temas</i>	56
7.2.3	<i>Bespreking van temas</i>	57
8.	Bespreking	72
9.	Aanbevelings	75
10.	Slotopmerking	76
11.	Bronnelys	77

Lys van Addendums

ADDENDUM A:	Toestemmings brief seuns se ouers - Engels	84
ADDENDUM B:	Toestemmings brief seuns se ouers - Afrikaans	85
ADDENDUM C:	Vraelys voltooi deur seuns	86
ADDENDUM D:	Toestemmings brief fokusgroepe	90
ADDENDUM E:	Skedule vir fokusgroepe	91
ADDENDUM F:	Plegtige verklaring	92
ADDENDUM G:	Verklaring van taalversorger	93

Lys van tabelle

Tabel 1:	Ouderdom van deelnemers se misbruik	25
Tabel 2:	Gedragsprobleme van deelnemers	29

Tabel 3:	Temas en sub-temas	56
Tabel 4:	Narratiewe – Omskrywing van die term seksuele misbruik	57
Tabel 5:	Narratiewe – Die invloed van seksuele misbruik op 'n kind se gedrag	61
Tabel 6:	Narratiewe – Probleemgedrag van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool	64
Tabel 7:	Narratiewe – Aspekte wat in ag geneem moet word as daar gekyk word na probleemgedrag by seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool	68
Tabel 8:	Narratiewe – Aanbevelings om seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool te hanteer	70

Lys van grafieke:

Grafiek 1:	Huistaal van deelnemers	22
Grafiek 2:	Etniese groepe van deelnemers	23
Grafiek 3:	Ouderdom van deelnemers	23
Grafiek 4:	Deelnemers se kennis rakende die term seksuele misbruik	24
Grafiek 5:	Oorsprong van kennis rakende die term seksuele misbruik	25
Grafiek 6:	Deelnemers se erkenning rakende hulle eie misbruik	26
Grafiek 7:	Verhouding met oortreder	27
Grafiek 8:	Invloed van seksuele misbruik op 'n kind se gedrag	27
Grafiek 9:	Invloed van seksuele misbruik op deelnemer se gedrag	28
Grafiek 10:	Jok	31
Grafiek 11:	Steel	32
Grafiek 12:	Vloek	33
Grafiek 13:	Seksuele opmerkings	33
Grafiek 14:	Boelie ander kinders	34
Grafiek 15:	Baklei met maats	35
Grafiek 16:	Baklei met sibbe	35
Grafiek 17:	Gooi “tantrums”	36
Grafiek 18:	Uitdagende gedrag	37

Grafiek 19:	Destruktiewe gedrag	37
Grafiek 20:	Brandstigting	38
Grafiek 21:	Slaan ander kinders	39
Grafiek 22:	Beseer diere of troeteldiere	39
Grafiek 23:	Raak geïrriteerd	40
Grafiek 24:	Spring op meubels	41
Grafiek 25:	Skop ander	41
Grafiek 26:	Beswadder ander	42
Grafiek 27:	Luidrugtigheid	43
Grafiek 28:	Wil nie eet nie	43
Grafiek 29:	Stamp ander	44
Grafiek 30:	Weghardloop of dros	45
Grafiek 31:	Terg	46
Grafiek 32:	Verbale dreigemente	46
Grafiek 33:	Huil	47
Grafiek 34:	Skree	47
Grafiek 35:	Aggressiewe gedrag	48
Grafiek 36:	Aandagafleibaarheid	49
Grafiek 37:	Impulsief	50
Grafiek 38:	Onttrek van ander	50
Grafiek 39:	Onvermoë om daaglikse roetines te handhaaf en take te voltooi	51
Grafiek 40:	Obsessiewe of herhalende gedrag	52
Grafiek 41:	Voel depressief	52
Grafiek 42:	Betrek ander by seksuele spel	53
Grafiek 43:	Enurese	54
Grafiek 44:	Enkuprese	55

Gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool.

Sleuteltermes: Gedragsprobleme
Kliniekskool
Seksueel misbruik
Seuns

1. PROBLEEMSTELLING

Seksuele misbruik van kinders is 'n komplekse en sensitiewe onderwerp wat die kind, families sowel as die breër gemeenskap beïnvloed. Die seksuele misbruik van kinders word volgens die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie (2002:6) as 'n ernstige en omvangryke maatskaplike probleem beskou. Seksuele misdade, onder andere seksuele misbruik van kinders, is 'n algemene verskynsel en 'n groot probleem in Suid-Afrika.

Dit is moeilik om akkurate statistieke rakende seksuele misbruik teen kinders te bekom, aangesien baie van die sake nooit aangemeld word nie. Community Agency for Social Enquiry (2005:5) skryf in hierdie verband die volgende: "The secretive nature of child sexual abuse and the fact that it is largely under-reported makes it difficult to pinpoint the extent of the problem in South-Africa". Indien daar wel statistieke is, fokus die meerderheid van dit eerder op verkragting of seksuele oortredings oor die algemeen, as op die spesifieke misbruik van kinders. Volgens statistieke van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (Suid-Afrikaanse Polisiediens, 2011) is daar vir die jaar 2010 / 2011; 66 196 gevalle van seksuele misdade aangemeld. Hierdie statistieke sluit die seksuele misbruik van kinders in. Navorsing toon dat een uit elke drie dogters en een uit elke sewe seuns seksueel misbruik sal word voor hulle die ouderdom van 18 jaar bereik (Briere & Eliot, 2003:1220).

Die term "seksuele misbruik van kinders" is oor die algemeen 'n vaag omskrywende term wat 'n aantal misdade teen kinders insluit. Daar is geen universele definisie vir seksuele misbruik teen kinders nie, maar volgens Newton

(2001:3) kan dit oor die algemeen gedefinieer word as kontak tussen 'n volwassene (of 'n ander kind) en 'n kind, waar die kind gebruik word vir seksuele stimulasie van die oortreder. Volgens Putnam (2006:2) sluit seksuele misbruik van kinders, “intercourse, attempted intercourse, oral-genital contact, fondling of genitals directly or through clothing, exhibitionism or exposing children to adult sexual activity or pornography and the use of the child for prostitution or pornography” in. Dus word seksuele misbruik nie net beperk tot fisiese kontak nie. Seksuele misbruik kan in drie sub-kategorieë verdeel word naamlik, geenkontak seksuele misbruik, kontak seksuele misbruik en uitbuiting (Putnam, 2006:2).

As daar verwys word na seksuele misbruik word dit gewoonlik gekoppel aan dogters. Alhoewel daar baie min literatuur beskikbaar is wat fokus op navorsing van seksuele misbruik van seuns, kan dit nooit misken word nie. “Sexual abuse of boys is common, underreported, under-recognized and under treated. Unfortunately there have been relatively fewer studies done on sexual abuse of boys, leading to inadequate knowledge about facts related to this topic.” (Prevent Child Abuse America, 2010:1). Volgens Moxley-Goldsmith (2005:1) is daar baie seuns wat seksueel misbruik en uitgebuit word. POWA (People opposed to women abuse, 2010) veronderstel dat een uit elke vyf seuns seksueel misbruik word in Suid-Afrika. Verder meen Childline South Africa (2009) dat 16% van seuns seksueel misbruik word. Die American Psychological Association (2012) meen dat dit moontlik is dat die seksuele misbruik van seuns meer voorkom as wat die statistieke veronderstel. Dit wil voorkom of seksuele misbruik van seuns 'n al groter wordende probleem raak en dit dus belangrik is dat daar navorsing gedoen word rakende die misbruik van seuns, om sodoende die probleem te ondersoek en aan te spreek.

Dit is duidelik dat kinders wat seksueel misbruik word, of was, soms 'n verskeidenheid probleme ervaar. Die rede hiervoor is dat misbruik oor die algemeen 'n negatiewe impak op 'n kind het, selfs al was dit net 'n eenmalige

gebeurtenis. Die impak kan wissel van geen merkwaardige effek nie tot baie ernstige probleme. Die spesifieke impak wat die misbruik op die kind het, wissel van kind tot kind. Die aard van die misbruik, die kind se ondersteuningsstelsel, geslag, temperament, kultuur, ontwikkelingsfase van die kind en 'n groot aantal ander faktore speel 'n rol in die impak wat die misbruik op die kind het (Putnam, 2006:3). Seksuele misbruik beïnvloed die kind se emosionele-, sosiale-, kognitiewe- en gedragsfunksionering, negatief (Saisan, Smith & Segal, 2012).

Emosionele gevolge van seksuele misbruik van kinders sluit in angs, depressie, skuld, 'n swak selfbeeld en gevoelens van minderwaardigheid. Interpersoonlike probleme soos isolasie en wantroue kom ook voor (Johnson, 2004:463). Verder het seksuele misbruik 'n negatiewe effek op algemene verhoudings van die slagoffer. Daar is 'n verband gevind tussen skoolprobleme en ander kognitiewe probleme wat kinders ervaar wat seksueel misbruik is. Verskeie literatuur (Bullough & Bullough, 1994:5; Friedrich, Fisher, Broughton, Houston, & Shafran, 1998:1; Hewitt, 1999:8; Rich, 2008: 1) bevestig ook dat seksuele misbruik lei tot geseksualiseerde gedrag onder kinders. Kotze (2006:7) noem dat seksuele misbruik onder andere ook kan lei tot uitreagerende gedrag onder kinders.

Daar is al verskeie navorsing gedoen oor die verband tussen seksuele misbruik en gedragsprobleme onder kinders (Friedrich, 2005:49; Friedrich, Fisher, Broughton, Houston & Shafran, 1998:8; Staiger, 2005:20). Dit wil egter voorkom of die navorsing eerder is op die uitreagerende seksuele gedrag of geseksualiseerde gedrag fokus en dat daar nie noodwendig spesifiek gekyk word na ander gedragsprobleme, soos steel, boelie, jok, weghardloop/dros of rebelse, gewelddadige of kriminele gedrag nie. Daar is min navorsing in Suid-Afrika beskikbaar wat spesifiek fokus op seksuele misbruik en gedragsprobleme.

Die betrokke kliniekskool waar die navorser tans werksaam is, is 'n skool vir gedragsmoeilike seuns in die middelkinderjare (6-12 jaar). Die navorser is al vir die afgelope drie jaar aangestel as die maatskaplike werker by die betrokke

skool. 'n Kliniekskool vorm deel van die LSEN (Learner with Special Educational Needs) sektor en is 'n skool vir kinders met erge gedrags- en emosionele probleme. Die navorser vorm deel van die "SBST" (School Based Support Team) en werk direk met die seuns, sowel as die ouers, van die kinders. Die seuns word verwys van ander skole na die betrokke kliniekskool, as gevolg van gedrags- en emosionele probleme. Al die seuns in die skool skakel in vir terapie of berading by een van die "SBST" lede. Die skool, sowel as die koshuis, volg 'n gedragsmodifikasie program. Die doel van die skool is om seuns met gedragsprobleme en emosionele probleme te akkommodeer en hierdie probleme so gou moontlik te identifiseer en aan te spreek, om sodoende die kind die geleentheid te bied om die res van sy skoolloopbaan in 'n hoofstroom skool te kan voltooi.

Uit bogenoemde bespreking bleik dit duidelik dat seksuele misbruik van kinders 'n wesenlike probleem is. 'n Groot aantal van die seuns in die skool is seksueel misbruik of, op 'n stadium in hulle lewe blootgestel aan seksuele misbruik. Dit wil voorkom of dié seuns trauma eksternaliseer en dit lei dan tot gedragsprobleme. Dit is dus nodig om vas te stel watter uitwerking seksuele misbruik op die seuns het, om sodoende te verseker dat daar korrekte dienste aan hierdie seuns gelewer kan word en hulle vinniger gerehabiliteer kan word.

Uit bogenoemde ontstaan dus die volgende navorsingsvraag :

Watter tipe gedragsprobleme kan waargeneem word by seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool?

2. DOELSTELLING

Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die gedragsprobleme te bepaal by seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool.

3. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Indien gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool geïdentifiseer word, kan die korrekte dienste aan die seuns gelewer word, ten einde hulle vinniger te rehabiliteer.

4. METODE VAN ONDERSOEK

4.1 *Literatuur- of brontleding*

Dit is belangrik om 'n literatuurstudie te onderneem (Rubin & Babbie, 2001:120). Die navorser het 'n literatuurstudie gedoen ten einde 'n beter begrip van die betekenis van die onderwerp te verkry (Fouché & Delport, 2011:134). Vir die doel van die studie is daar van nasionale, sowel as internasionale literatuur gebruik gemaak. Die navorser het verskeie handboeke, vaktydskrifte, proefskrifte, navorsingsverslae en dokumentasie bestudeer ten einde 'n goeie literatuurstudie te onderneem. Databasisse soos SAEPublications, EbscoHost, Repretorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels en Google Scholar is geraadpleeg tydens die benutting van 'n sistematiese biblioteeksoektog by die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroom kampus. Internetbronne rakende seksuele misbruik is benut. Verskeie maatskaplike werk deskundiges en ander professionele persone is geraadpleeg, rakende die problematiek ten opsigte van seksuele misbruik by seuns in 'n kliniekskool.

Die temas wat nagevors is, is **seksuele misbruik**, **kliniekskole** en **gedragsprobleme**. Uit die literatuur is dit duidelik dat seksuele misbruik van seuns 'n ernstige probleem is (Fouché & Joubert, 2003:12; Nkansah-Amankra & Walker, 2012: 55). Daar is egter baie min literatuur wat spesifiek fokus op seksuele misbruik van seuns. The Community Agency for Social Enquiry (2005:7) noem dat navorsing rakende seksuele misbruik van kinders neig om te fokus op die misbruik van dogters. Verder wil dit voorkom of die literatuur wat wel beskikbaar is, hoofsaaklik navorsing is wat gedoen is met volwasse mans wat blootgestel is aan

seksuele misbruik. Daar is dus studies gedoen met mans wat as kind seksueel misbruik is eerder as met seuns wat seksueel misbruik is.

Derhalwe is literatuur van verwante vakterreine, soos onder meer Onderwys en Sielkunde, aanvullend tot die literatuur uit eie vakgebied, vir hierdie ondersoek gebruik.


4.2 Empiriese ondersoek

4.2.1 Ontwerp

Volgens Bless en Higson-Smith (1995:67), is die navorsingsontwerp die spesifieke plan waarvolgens data ingesamel, ontleed en geïnterpreteer word. Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser gebruik gemaak van die **verkennende, gevallestudie navorsingsontwerp**. Volgens Grinnell (1997:297) word die verkennende ontwerp gebruik wanneer daar min kennis oor 'n navorsingsvraag beskikbaar is. Die verkennende ontwerp is toepaslik wanneer die onderwerp 'n relatief onbekende terrein is. Alhoewel seksuele misbruik van kinders nie 'n onbekende onderwerp is nie, is die navorser van mening dat daar 'n leemtes in kennis bestaan ten opsigte van seksuele misbruik by seuns in 'n kliniekskool. Dus was die verkennende ontwerp gebruik omdat daar min literatuur rakende hierdie spesifieke onderwerp beskikbaar is.

Die navorser het terselfde tyd die **kwalitatiewe** en **kwantitatiewe** benadering uitgevoer. Alhoewel die benadering afsonderlik tydens data insameling en data-analise plaasvind, komplementeer die resultate mekaar. Hierdie gemengde ontwerp word parallelle studies genoem (Bothma, Greeff, Mulaudzi en Wright, 2010:256-258). Volgens Delport en Fouché (2011:44) asook Bryman (2008:611) het hierdie ontwerp triangulasie van data tot gevolg. Triangulasie van metodes sal gebruik word om te verseker dat daar meer diepte, geldigheid en akkuraatheid

aan die ondersoek verleen word (Creswell, 2003:210). Die ontwerp word soos volg deur Delport en Fouché (2011:44) geïllustreer.



4.2.2 Deelnemers

Vir die **kwantitatiewe benadering** is die seuns betrek. Daar is tans 45 seuns in die betrokke kliniekskool. Die seuns is almal tussen die ouderdom van 6 en 12 jaar en is dus in die middelkinderjare. Die seksueel misbruikte seuns word tydens die opnameproses by die betrokke skool geïdentifiseer. Volgens inligting wat verkry is gedurende die opnameproses by die skool, is 'n groot hoeveelheid van die seuns seksueel misbruik. Die deelnemers wat by die studie betrek is, is die totale populasie van die seksueel misbruikte seuns in die betrokke kliniekskool in Krugersdorp.

Vir die **kwalitatiewe benadering** is fokusgroepe met die “SBST” (School Based Support Team), onderwysers en jeugwerkers van die skool gehou. Fokusgroepe is apart met elk van die laasgenoemde gehou. Daar is dus drie afsonderlike fokusgroepe gehou.

Die doel van die “SBST” is om met die emosionele aspekte van die kinders te werk. Die span bestaan uit 'n spelterapeut, maatskaplike werker, twee beraders en die departmentshoof. Al die kinders in die skool skakel weekliks in vir terapie of berading by een van die laasgenoemde persone. Die hele span was betrek by die fokusgroepe.

Die navorser het gebruik gemaak van nie-waarskynlikheidselekesie steekproef om die onderwysers en die jeugwerkers by die studie te betrek. Daar was gebruik gemaak van die doelbewuste steekproef (Strydom & Delport, 2011:393). Die kriteria wat gebruik was om die onderwysers en jeugwerkers vir die studie te identifiseer was soos volg: personeel van die betrokke skool wat werk met die kinders op 'n daaglikse basis en wat drie jaar of meer ervaring by die skool het.

4.2.3 Insamelingsmetodes

By die **kwantitatiewe benadering** die opname prosedure gebruik. Volgens Monette, Sullivan en De Jong (2005:159) word data tydens die opname ontwerp, versamel vanuit 'n geselekteerde steekproef, om die kenmerke of menings van die populasiegroep te beskryf.

'n Selfopgestelde vraelys was vir die studie gebruik. Daar is verseker dat die vraelys daartoe in staat is om te meet wat dit veronderstel is om te meet en so die geldigheid van die meetinstrument te verseker (Strydom, 2012:15). Die vraelys het eerstens gefokus op die seksuele misbruik van die seuns en daarna op die gedragsprobleme van die seuns.

By die **kwalitatiewe benadering**, die tweede deel van die navorsing, was daar van fokusgroepe gebruik gemaak. Hierdie metode is gebruik vir die sterk impak van die metode, om relatief onbekende informasie te ondersoek en te eksploreer. Fokusgroepe is informele onderhoude wat volgens temas gefasiliteer word. Dit is volgens 'n skedule gedoen. Die skedule wat gebruik is, was dieselfde vir al drie die groepe. Die voordeel van hierdie data-insameling is dat 'n groot hoeveelheid diepgaande inligting redelik vinnig verkry kan word (Greeff, 2011:362).

4.2.4 Prosedure

Die stappe van hierdie prosedure kan as volg uiteengesit word:

- Toestemming is van die Noord-Wes Universiteit verkry vir die navorsingsonderwerp.
- Toestemming is van die skoolhoof van die betrokke skool verkry om die navorsing by die skool te doen.
- Toestemming is van die ouers van die seuns van die betrokke skool verkry, om die seuns in die studie te betrek
- Die vraelyste wat die seuns moes voltooi is in Afrikaans en Engels opgestel.
- Die vraelyste is deur die seuns in die navorser se kantoor voltooi.
- Die vraelyste wat die seuns voltooi het, is verwerk.
- Die deelnemers vir die fokusgroepe is geïdentifiseer.
- Die onderhoudskedule wat gebruik is vir die fokusgroepe, is opgestel.
- Daar is reëlins met die “SBST” getref om die fokusgroepe op 'n vasgestelde tyd te doen.
- Daar is reëlins met die onderwysers en jeugwerkers getref om die fokusgroepe op 'n vasgestelde tyd te doen.
- Fokusgroepe is gehou.
- Tydens die fokusgroepe is daar van bandopnames gebruik gemaak, nadat toestemming van die deelnemers verkry is.
- Inligting wat verkry is uit die fokusgroepe, is getranskribeer en die inligting is in temas gekategoriseer.
- Laastens is die verslag in artikel formaat saamgestel.

4.2.5 *Etiese aspekte*

Strydom (2005:56-69) gee 'n uiteensetting van professionele etiek ten opsigte van die deelnemer se regte en die onderzoeker se verantwoordelikhede. Hierdie ondersoek behels etlike aspekte waarmee gehandel moet word.

- Die navorser het verseker dat emosionele skade aan die deelnemers vermy word. Dit is gedoen deur vooraf inligting oor die impak wat die

studie kan hê aan die deelnemers sowel, as aan die seuns se ouers deur te gee en die deelnemers kon op enige gegewe stadium onttrek.

- Die deelnemers het ingeligte toestemming gegee. Al die nodige inligting oor die doel en prosedures van die studie is aan die al deelnemers (die seuns, “SBST”, jeugwerkers en die onderwysers, sowel as aan die seuns se ouers) gegee. Al die deelnemers, soos genoem, het skriftelike toestemming gegee vir hulle deelname aan die studie.
- Geen van die deelnemers is mislei deur inligting van hulle te weerhou of nie die korrekte inligting vir hulle te gee nie.
- Al die inligting is op 'n konfidensiële wyse hanteer (Neuman, 2000:283-284). Die deelnemers se name is nie in die verslag vermeld nie. Die vraelyste is ook in 'n toegesluite klas gebêre.
- Die deelnemers het die geleentheid gekry om deur die ervaring te werk, nadat die vraelyste voltooi is. Tydens die ontladingsessie wat die “SBST” met die seuns gehad het, is die probleme wat tydens die navorsingsproses na vore gekom het, reggestel.
- Etiese goedkeuring is van die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit verkry. Die projeknommer is NWU-00027-09-A1..

4.2.6 Dataverwerking

Vir die **kwantitatiewe benadering** is resultate van die selfopgestelde vraelys deur die navorser verwerk. Dit is op 'n grafiese en statistiese manier in die verslag voorgestel.

Gedurende die **kwalitatiewe benadering** is daar van 'n bandopname gebruik gemaak in die fokusgroepe, om te verseker dat alle data ingewin word. Inligting is getranskribeer en die inligting is in temas gekategoriseer om die behoeftes van die navorsingsbevindinge te identifiseer. Die navorser het gebruik gemaak van Tesch se benadering tot die tematiese analise van kwalitatiewe data (Poggenpoel, 1998:343). Volgens Poggenpoel (1998:343-344) is daar 8 stappe wat oorweeg moet word in die data-analise. Die volgende stappe is deur die

navorser gevolg ten einde 'n verslag te lewer oor die resultate van hierdie ondersoek.

- Die navorser het 'n geheelbeeld gekry deur elke transkripsie deur te lees en dan sekere gedagtes wat by haar opgekom het, neer te skryf.
- Sy het een onderhoud gekies en dit deurgewerk. Die onderliggende betekenis van inligting is bepaal en gedagtes was in die kantlyn neergeskryf.
- Nadat laasgenoemde proses gedoen is met 'n paar van die transkripsies, het die navorser 'n lys van onderwerpe saamgestel. Die onderwerpe wat by mekaar pas is saam gegroepeer.
- Elke onderwerp is gekoppel aan 'n kode. Die navorser het die lys met onderwerpe geneem en dit terug na die data verwys. Die kode is by die data aangeteken.
- Die navorser het 'n woord vir die onderwerp geneem en die woorde of kodes na die gepaste kategorie oorgeskakel. Ooreenkomstige kategorieë is toe saamgevoeg.
- Die navorser het op afkortings vir die kategorieë besluit en die kodes in alfabetiese volgorde, geplaas.
- Data van elke kategorie is saamgevoeg en 'n analise is uitgevoer.
- Die navorser moes soms die data herkodeer.

5. TERMINOLOGIE

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die volgende terminologie gebruik word:

5.1 Gedragsprobleme

Gedragsprobleme word gewoonlik beskryf as 'n kind se gedrag wat 'n probleem vir ander is. Volwassenes het almal verskillende stellinge oor aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag. In hierdie studie dui gedragsprobleme op gedrag wat afwyk van die sosiale norm of veld waarbinne die kind funksioneer. Gedragsprobleme sluit onder andere in;

- Aggressiewe of anti-sosiale gedrag

- Onoplettendheid, afleibaarheid, impulsiwiteit
- Verswakte sosiale interaksie
- 'n Algemene onvermoë om 'n daaglikse roetine te volg en take suksesvol te voltooi
- Obsessiewe en / of herhalende gedrag
- Gedrag wat 'n soeke na aandag toon
- Depressiewe gedrag, soos onttrekking (Talkingpoint: 2008)

Verder kan 'n gebrek aan selfvertroue, swak emosionele volwassenheid en swak sosiale vaardighede by die lys gevoeg word. Gedragsprobleme kan dus beskryf word as probleme wat deur 'n individu ondervind word in areas soos interpersoonlike verhoudings, sosiale gebruike en instellings.

5.2 Kliniekskool

Kliniekskole vorm deel van die “LSEN” sektor. Kliniekskole is spesifiek vir leerders met ernstige emosionele- en gedragsprobleme. Die doel van die skool is om terapeutiese programme en ondersteuning vir leerders met emosionele- en gedragsprobleme te bied. Kliniekskole poog om leerders wat 'n hoë intensiteit van ondersteuning in terme van gedragsprobleme nodig het, te onderrig. Kliniekskole werk op gedragmodifikasie om leerders se gedragsprobleme te hanteer en hulle so gou as moontlik te rehabiliteer en terug te plaas in 'n hoofstroom skool.

5.3 Seksuele misbruik(te)

Seksuele misbruik van kinders is wanneer iemand met 'n gevorderde of hoër kennis, ouderdom of mag, 'n meer naïewe, kwesbare of swakker persoon betrek in 'n geseksualiseerde verhouding, met of sonder toestemming van die jonger persoon.

Volgens die Wysigingswet op die Strafbereg (seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede) (32 van 2007) (SA, 2007) sluit seksuele mishandeling enige

vorm van aanraking deur 'n volwassene aan 'n kind se liggaam in, wanneer die volwassene se doel of die motief vir die aanraking is om die volwassene seksueel optewek of om die volwasse persoon se seksuele behoefte te bevredig.

6. LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

Die volgende leemtes kon na afloop van die navorsingstudie geïdentifiseer word:

- Die navorser het 27 seuns uit die 45 seuns in die betrokke skool geïdentifiseer wat seksueel misbruik is. Toestemmingsbriewe is aan die 27 seuns se ouers gestuur. Nie al die ouers het toestemming gegee dat die seuns by die studie betrek kan word nie. Daar is gevolglik net 14 seuns by die studie betrek en dus net 14 vraelyste voltooi, in plaas van die aanvanklike 27.
- 'n Groot deel van die seuns het ontken dat hulle misbruik is in enige stadium van hulle lewens. Die vrae wat volg op die laasgenoemde en die vrae wat verband hou met die seuns se misbruik, is dus nie voltooi nie.
- Die seuns het sekere van die terme nie verstaan nie en was dit nodig vir die navorser om van die terme aan hulle te verduidelik.
- Die navorser het die gevoel gekry dat die seuns nie altyd eerlik was met die beantwoording van die vraelys nie. Dit kan moontlik wees dat hulle weet dat sekere gedrag verkeerd is en dat hulle daarom nie wil erken dat hulle die gedragsprobleme het nie.

7. RESULTATE

Die resultate verkry vanuit die vraelyste en fokusgroepe word vervolgens bespreek.

7.1 Vraelyste voltooi deur seksueel misbruikte seuns

7.1.1 Inleiding

Die navorser het bepaal dat 27 van die 45 seuns in die betrokke skool op een of ander stadium seksueel misbruik is. Toestemmings briewe is aan al 27

seuns se ouers gestuur. Slegs 14 van die seuns se ouers het toestemming gegee vir die seuns om by die studie betrek te word.

Die deelnemers het elke een individueel saam met die navorser gewerk om die vraelyste te voltooi. Die vraelyste was in skooltyd in die navorser se kantoor voltooi. Dus was die vraelyste onder toesig en met die nodige begeleiding van die navorser voltooi.


7.1.2 Studie populasie

Die totale aantal deelnemers wat aan die studie deelgeneem het, was veertien (14). Data wat vanuit die 14 vraelyste aan die seuns bekom is, word in hierdie afdeling bespreek.

7.1.3 Profiel van deelnemers

'n Profiel van die deelnemers word kortliks deurgegee met die doel om 'n beeld te verkry van die seuns wat deelgeneem het aan die studie.

7.1.3.1 Huistaal van deelnemers




Grafiek 1: Huistaal van deelnemers

Soos aangedui in grafiek 1, blyk dit dat die meerderheid van die seuns wat betrek is by die studie, Afrikaanssprekend is. 10 (71.4%) deelnemers se huistaal is Afrikaans, 2 (14.2%) deelnemers se huistaal is Engels, 1 (7.1%)

deelnemer se huistaal is Zulu, 1 (7.1%) deelnemer se huistaal is Tswana en geen van die deelnemers het 'n ander huistaal nie.


7.1.3.2 Etniese groepe van deelnemers



Grafiek 2: Etniese groep van deelnemers

Soos aangedui in grafiek 2 is 11 (78.5%) deelnemers se etniese groep wit, 2 (14.2%) deelnemers is swart, en 1 (7.1%) van die deelnemers is kleurling.


7.1.3.3 Ouderdom van deelnemers



Grafiek 3: Ouderdom van deelnemers

Soos aangedui in grafiek 3 is 2 (14.2%) van die deelnemers 7 jaar oud, 1 (7.1%) is 8 jaar oud, 3 (21.4%) is 9 jaar oud, 3 (21.4%) is 10 jaar oud, 2 (14.2%) is 11 jaar oud en 3 (21.4%) deelnemers is 12 jaar oud.


7.1.4 Deelnemers se kennis rakende die term “seksuele misbruik”



Grafiek 4: Deelnemers se kennis rakende die term seksuele misbruik

Soos aangedui in grafiek 4 het 10 (71.4%) deelnemers geweet wat “seksuele misbruik” is, terwyl 4 (17.8%) deelnemers onseker is of het nie die vraag beantwoord nie.


7.1.5 Oorsprong van kennis rakende die term “seksuele misbruik”



Grafiek 5: Oorsprong van kennis rakende die term “seksuele misbruik”

Grafiek 5 toon dat 2 (14.2%) deelnemers weet wat seksuele misbruik is, want hulle het inligting gekry by ander kinders; 3 (21.4%) van die deelnemers het gesê dat hulle moeders vir hulle vertel het van seksuele misbruik. 'n Verdere 2 (14.2%) deelnemers het genoem dat 'n onderwyser hulle inligting rakende seksuele misbruik gegee het. 2 (14.2%) deelnemers het genoem dat hulle blootgestel was aan seksuele misbruik en daarom het hulle kennis rakende die term. 1 (7.1%) deelnemer het genoem dat die polisie hom inligting rakende seksuele misbruik gegee het, 3 (21.4%) het gesê dat hulle nie weet wat seksuele misbruik is nie en 1 (7.1%) deelnemer het 'n ander rede gegee vir hoe hy weet wat seksuele misbruik is. As daar gekyk word na grafiek 4 het 4 deelnemers nie geweet wat die term “seksuele misbruik” beteken nie. 1 uit die 4 het egter in grafiek 5 aangedui dat hy inligting rakende seksuele misbruik verkry het by sy moeder. Dit is moontlik dat die deelnemers te skaam was om die term “seksuele misbruik” aan die navorser te verduidelik.

7.1.6 Deelnemers se erkenenis rakende hulle eie misbruik



Grafiek 6: Deelnemers se erkenenis rakende hulle eie misbruik

Uit grafiek 6 is dit duidelik dat 6 (42.8%) deelnemers erken het dat hulle self al seksueel misbruik is, en 8 (57.1%) deelnemers het gesê dat hulle nog nie self seksueel misbruik is nie.

7.1.7 Ouderdom van misbruik


Hoe oud was jy toe jy misbruik was?	
Aantal deelnemers	Ouderdom
2 deelnemers (14.2 %)	7 jaar
1 deelnemer (7.1%)	9 jaar
1 deelnemer (7.1%)	11 jaar
2 deelnemers (14.2%)	Nie seker nie / kan nie onthou nie
8 deelnemers (57.1%)	Het nie die vraag geantwoord nie

Tabel 1: Ouderdom van deelnemers se misbruik

Tabel 1 toon dat slegs 4 deelnemers 'n ouderdom kon gee van wanneer hulle eie misbruik plaasgevind het naamlik 7 jaar, 9 jaar en 11 jaar. Verder het 2 deelnemers genoem dat hulle nie seker was, of nie kon onthou wanneer hulle

misbruik is nie en 8 deelnemers het nie die vraag beantwoord nie aangesien hulle “nee” geantwoord het op die vraag; “was jy al seksueel misbruik?”.


7.1.8 Verhouding met oortreder



Grafiek 7: Verhouding met oortreder

Soos aangedui in grafiek 7 het 5 (35.7%) deelnemers genoem dat hulle deur 'n ander kind seksueel misbruik is, 1 (7.1%) het gesê dat hy deur sy pa seksueel misbruik is en 8 deelnemers het nie die vraag beantwoord nie.

7.1.9 Invloed van seksuele misbruik op kind se gedrag



Grafiek 8: Invloed van seksuele misbruik op 'n kind se gedrag

Grafiek 8 toon dat die helfte (7) van die deelnemers voel dat seksuele misbruik 'n invloed op 'n kind se gedrag het, 4 (28.5%) deelnemers voel dat seksuele misbruik nie 'n invloed op 'n kind se gedrag het nie en 3 (21.4%) van die deelnemers is onseker.

7.1.10 Invloed van seksuele misbruik op deelnemer se gedrag



Grafiek 9: Invloed van seksuele misbruik op deelnemer se gedrag

Grafiek 9 toon dat slegs 2 (14.2%) van die deelnemers gevoel het dat hulle eie misbruik hul gedrag beïnvloed, 3 (21.4%) deelnemers het gesê dat volgens hulle, hul eie seksuele misbruik geen invloed op hulle gedrag het nie. 9 (64.2%) van die deelnemers het nie die vraag beantwoord nie.

7.1.11 Gedrag as gevolg van die seksuele misbruik

Van die twee deelnemers wat “ja” geantwoord het het een van hulle “Ek weet nie” en die ander een “boelie” geantwoord op die vraag “watter gedrag dink jy is as gevolg van die seksuele misbruik?”.

7.1.12 Gedragsprobleme van deelnemers

Wanneer openbaar jy die volgende gedrag?						
Gedrag	Gereeld		Soms		Nooit	
	Aantal deelnemers	Persentasie %	Aantal deelnemers	Persentasie %	Aantal deelnemers	Persentasie %
Ek jok	0	0%	14	100%	0	0%
Ek steel goed	0	0%	3	21.4%	11	78.5%
Ek gebruik vloekwoorde	1	7.1%	8	57.1%	5	35.7%
Ek maak seksuele opmerkings	0	0%	2	14.2%	12	85.7%
Ek boelie ander kinders	4	28.5%	4	28.5%	6	42.8%
Baklei met maats	1	7.1%	8	57.1%	5	35.7%
Baklei met sibbe	4	28.5%	6	42.8%	4	28.5%
"tantrums" gooi	4	28.5%	6	42.8%	4	28.5%
Uitdagend (doen nie wat gevra word nie)	0	0%	9	64.2%	5	35.7%
Destruktief (breek goed)	1	7.1%	7	50%	6	42.8%
Brandstigting	0	0%	2	14.2%	12	85.7%
Slaan ander kinders	2	14.2%	8	57.1%	4	28.5%
Maak troeteldiere of ander diere	0	0%	1	7.1%	13	92.8%


seer						
Geïrriteerd / knorrig	11	78.5%	2	14.2%	1	7.1%
Spring op meubels	0	0%	4	28.5%	10	71.4%
Skop ander	2	14.2%	3	21.4%	9	64.2%
Beswadding	2	14.2%	8	57.1%	4	28.5%
Luidrugtigheid	3	21.4%	6	42.8%	5	35.7%
Wil nie eet nie	0	0%	9	64.2%	5	35.7%
Stamp ander	0	0%	10	71.4%	4	28.5%
Weghardloop / dros	0	0%	7	50%	7	50%
Terg	1	7.1%	8	57.1%	5	35.7%
Verbale dreigemente	1	7.1%	6	42.8%	7	50%
Huil	1	7.1%	11	78.5%	2	14.2%
Skree	2	14.2%	6	42.8%	6	42.8%
Aggressiewe gedrag	5	35.7%	8	57.1%	1	7.1%
Aandag afleibaarheid	4	28.5%	6	42.8%	4	28.5%
Impulsief	8	57.1%	3	21.4%	3	21.4%
Onttrek van ander	1	7.1%	9	64.2%	4	28.5%
'n Algemene onvermoë om 'n daaglikse roetine te handhaaf en take te voltooi	3	21.4%	4	28.5%	7	50%

Obsessief-en / of herhalende gedrag	2	14.2%	5	35.7%	7	50%
Depressiewe gedrag	1	7.1%	10	71.4%	3	21.4%
Betrek ander by seksuele spel	0	0%	0	0%	14	100%
Bed nat maak (enurese)	1	7.1%	2	14.2%	11	78.5%
Broek vuil maak (enkuprese)	0	0%	2	14.2%	12	85.7%

Tabel 2: Gedragsprobleme van deelnemers

Tabel 2 gee 'n uiteensetting van die deelnemers se antwoorde. Vervolgens word elk van die aspekte in die tabel grafies uitgebeeld.


7.1.12.1 Jok



Grafiek 10: Jok

Al die deelnemers het gesê dat hulle soms leuens vertel.


7.1.12.2 Steel



Grafiek 11: Steel

Grafiek 11 dui aan dat die meerderheid deelnemers gesê het dat hulle nog nooit iets gesteel het nie, 'n verdere 3 (21.4%) van die deelnemers het aangedui dat hulle soms of al vantevore gesteel het, en geen deelnemers het gesê dat hulle gereeld steel nie. Alhoewel die meerderheid van die seuns aangedui het dat hulle nog nooit gesteel het nie, meld literatuur dat “steel” wel een van die gevolge van seksuele misbruik kan wees. Procter (2013) beskryf dat seksuele misbruikte kinders “...may steal insignificant objects to create a sense of security. Stealing can also be a means to defy authority, to even the score or take back what’s been stolen from them.”


7.1.12.3 Vloek



Grafiek 12: Vloek

In grafiek 12 sien ons dat meer as die helfte van die seuns aangedui het dat hulle soms vloek.

7.1.12.4 Seksuele opmerkings maak




Grafiek 13: Seksuele opmerkings

Rich (2008:2) meld die volgende in hierdie verband: "...the child may engage in variety of age-inappropriate sexual behaviors as a result of his

or her own exposure to sexual experiences, and may begin to act out, or engage in, sexual behaviors or relationships that include excessive sexual play, inappropriate sexual comments or gestures...” Die inligting wat verkry is uit die vraelyste wat die seuns voltooi het is in teenstelling met laasgenoemde aanhaling. Grafiek 13 wys dat daar slegs twee van die seuns gesê het dat hulle soms seksuele opmerkings maak. Die res van die seuns het gemeen dat hulle nooit seksuele opmerkings maak nie.


7.1.12.5 Boelie ander kinders



Grafiek 14: Boelie kinders

Volgens die deelnemers het 6 (42.8%) van die seuns nog nooit iemand geboelie nie, 4 (28,5%) het genoem dat hulle soms ander kinders boelie en die ander 4 (28,5%) het aangedui dat hulle gereeld ander kinders boelie. Conklin (2012:1) meen dat daar 'n verwantskap tussen seksuele misbruik en boelie gedrag by kinders is.


7.1.12.6 Baklei met maats



Grafiek 15: Baklei met maats

Soos aangedui in grafiek 15 het die meerderheid van die seuns gesê dat hulle soms met maats baklei. Slegs een van die deelnemers het gemeen dat hy gereeld met maats baklei.


7.1.12.7 Baklei met sibbe



Grafiek 16: Baklei met sibbe

Grafiek 16 toon dat 4 (28.5%) van die deelnemers aangevoer het dat hulle nog nooit met sibbe baklei het nie. Verder het 6 (42.8%) deelnemers aangedui dat hulle soms met sibbe baklei. Die ander 4 (28,5%) deelnemers het gemeen dat hulle gereeld met sibbe baklei.


7.1.12.8 Gooi "tantrums"



Grafiek 17: Gooi tantrums

Grafiek 17 dui aan dat meer as die helfte van die 14 deelnemers gesê het dat hulle gereeld tantrums gooi. Ricci (2010) skryf die volgende in dié verband: "There are several ways that children may act out their anger, getting frustrated very easily, throwing temper "tantrums"..."


7.1.12.9 Uitdagende gedrag



Grafiek 18: Uitdagende gedrag

Geen deelnemers het aangedui dat hulle gereeld uitdagende gedrag het nie, soos uitgebeeld in grafiek 18. Die meerderheid van die seuns het egter gevoel dat hulle gedrag soms uitdagend is.


7.1.12.10 Destruktiewe gedrag



Grafiek 19: Destruktiewe gedrag

Soos grafiek 19 toon het die helfte van die seuns gesê dat hulle soms destruktief is en slegs 1 (7.1%) van die seuns het aangedui dat hy gereeld destruktief is.


7.1.12.11 Brandstigting



Grafiek 20: Brandstigting

Grafiek 20 dui aan dat die meerderheid van die deelnemers gesê het dat hulle nog nooit iets aan die brand probeer steek het nie. Twee deelnemers het gesê dat hulle al iets met opset aan die brand gestee het.


7.1.12.12 Slaan ander kinders



Grafiek 21: Slaan ander kinders

Soos gesien in grafiek 21 meen meer as die helfte van die seuns dat hulle soms ander kinders slaan.


7.1.12.13 Beseer diere of troeteldiere



Grafiek 22: Beseer diere of troeteldiere

Grafiek 22 dui aan dat amper al die seuns gesê het dat hulle nooit diere of troeteldiere beseer nie. Slegs een van die seuns het aangedui dat hy soms diere beseer.


7.1.12.14 Raak geïrriteerd



Grafiek 23: Raak geïrriteerd

11 van die deelnemers het aangedui dat hulle gereeld geïrriteerd raak.


7.1.12.15 Spring op meubels



Grafiek 24: Spring op meubels

Soos aangedui in grafiek 24 het 'n groot deel van die deelnemers aangedui dat hulle nooit op meubels spring nie.


7.1.12.16 Skop ander



Grafiek 25: Skop ander

Grafiek 25 toon dat 2 (14.2%) van die deelnemers aangedui het dat hulle gereeld ander kinders skop, 3 (21.4%) van die seuns het aangedui dat hulle soms ander skop en 9 (64.2%) het gemeen dat hulle nooit ander skop nie.


7.1.12.17 Beswadder ander



Grafiek 26: Beswadder ander

Grafiek 26 dui aan dat 2 van die deelnemers gesê het dat hulle gereeld ander beswadder en 8 het gemeen dat hulle soms ander beswadder.


7.1.12.18 Luidrugtigheid



Grafiek 27: Luidrugtigheid

Soos aangedui in grafiek 27 het minder as die helfte van die seuns aangedui dat hulle soms luidrugtig is.


7.1.12.19 Wil nie eet nie



Grafiek 28: Wil nie eet nie

Die meerderheid van die seuns het aangedui dat hulle soms nie wil eet nie.


7.1.12.20 Stamp ander



Grafiek 29: Stamp ander

Grafiek 29 dui aan dat 10 (71.4%) deelnemers aangedui het dat hulle soms ander stamp en 4 (28.5%) van hulle het gesê dat hulle nooit ander stamp nie.


7.1.12.21 Weghardloop of dros



Grafiek 30: Weghardloop of dros

Soos gesien in grafiek 30 het die helfte van die seuns gesê dat hulle soms weghardloop en die ander helfte het aangedui dat hulle nog nooit weggehardloop het nie.


7.1.12.22 Ander terg



Grafiek 31: Terg

Grafiek 31 dui aan dat 1 (7.1%) van die deelnemers gesê het dat hy ander gereeld terg, 8 (57.1%) deelnemers het gesê dat hulle soms ander terg en 5 (35.7%) deelnemers het gevoel dat hulle nooit ander terg nie.


7.1.12.23 Verbale dreigemente



Grafiek 32: Verbale dreigemente

Die hefte van die seuns het gesê dat hulle soms ander verbaal dreig.


7.1.12.24 Huil



Grafiek 33: Huil

Soos aangedui in grafiek 33 het 1 (7.1%) van die deelnemers gesê dat hy gereeld huil, 11 (78.5%) het gemeen dat hulle soms huil en 2 (14.2%) het aangedui dat hulle nooit huil nie.


7.1.12.25 Skree



Grafiek 34: Skree

Grafiek 34 toon aan dat die meeste van die seuns soms of nooit skree nie. Slegs 2 van die seuns het getoon dat hulle gereeld skree.


7.1.12.26 Aggressiewe gedrag



Grafiek 35: Aggressiewe gedrag

Soos aangedui in grafiek 35 het die meerderheid van die deelnemers aangedui dat hulle soms aggressiewe gedrag openbaar. Spies (2006:55) konstateer die volgende: "...Others may be prone to angry outburst, aggression and an ability to produce conflict in many situations without provocation. Their anger is often unfocused and at times inappropriate in the context to the situation".


7.1.12.27 Aandagafleibaarheid



Grafiek 36: Aandagafleibaarheid

4 (28.5%) van die deelnemers het aangedui dat hulle gereeld aandag afleibare gedrag openbaar, 6 (42.8%) van die seuns het gesê dat hulle soms aandagafleibaar is en 4 (28.5%) het gemeen dat hulle nooit sukkel met aandagafleibaarheid nie. Stein en Kendall (2004:124) verduidelik aandagafleibaarheid in seksueel misbruikte kinders as volg; "Given that abused children often find themselves emotionally overwhelmed, it's not surprising that they have attention problems. Children who are hyperaroused tend to be restless and excessively active."


7.1.12.28 Impulsief



Grafiek 37: Impulsief

Grafiek 37 dui aan dat 'n groot hoeveelheid van die deelnemers sukkel met impulsiwiteit.

7.1.12.29 Onttrek van ander




Grafiek 38: Onttrek van ander

1 (7.1%) van die seuns het aangedui dat hy gereeld van ander onttrek, 9 (64.2%) deelnemers het gemeen dat hulle soms onttrek van ander en 4

(28.5%) het gesê dat hulle nooit onttrek van ander nie. American Psychological Association (2012) skryf in hierdie verband die volgende: “Children and adolescents who have been sexually abused can suffer a range of psychological and behavioral problems, from mild to severe, in both the short and long term. These problems typically include depression, anxiety, guilt, fear, sexual dysfunction, withdrawal, and acting out.”


7.1.12.30 Onvermoë om daaglikse roetine te handhaaf en take te voltooi



Grafiek 39: Onvermoë om daaglikse roetine te handhaaf en take te voltooi

Soos aangedui in grafiek 39 het die helfte van die deelnemers aangedui dat dit nie vir hulle 'n probleem is om te hou by daaglikse roetines en take te voltooi nie.


7.1.12.31 Obsessiewe of herhalende gedrag



Grafiek 40: Obsessiewe of herhalende gedrag

Grafiek 40 dui aan dat 2 (14.2%) deelnemers gesê het dat hulle gereeld obsessiewe of herhalende gedrag het, 5 (35.7%) het gesê dat hulle soms obsessiewe of herhalende gedrag het en 7 (50%) van die seuns het gesê dat hulle nooit obsessiewe of herhalende gedrag het nie.


7.1.12.32 Voel depressief



Grafiek 41: Voel depressief

Meeste van die seuns het gemeen dat hulle soms depressief voel. Volgens Borreli (2013) is dit belangrik om te kyk na depressie in seksueel misbruikte kinders, "It is important to be aware of depression and other mental health conditions that victims of child sexual abuse can carry over their lifetime."


7.1.12.33 Betrek ander by seksuele spel



Grafiek 42: Betrek ander by seksuele spel

Soos aangedui in grafiek 42 het al die seuns aangedui dat hulle nog nooit ander by seksuele spel betrek het nie.


7.1.12.34 Enurese



Grafiek 43: Enurese (bed natmaak)

Grafiek 43 dui aan dat slegs 1 (7.1%) van die seuns gemeen het dat hy gereeld sy bed natmaak, 2 (14.2%) van die deelnemers het aangedui dat hulle soms die bed natmaak en 11 (78.5%) deelnemers het gesê dat hulle nooit die bed natmaak nie.

7.1.12.35 Enkuprese



Grafiek 44: Enkuprese

Die meerderheid het aangedui dat hulle nooit hulle broeke vuilmaak nie. Slegs twee van die seuns het erken dat dit soms gebeur.

7.2 Fokusgroepe gehou met “SBST”, jeugwerkers en onderwysers

7.2.1 Profiel van deelnemers

Daar was drie fokusgroepe. Die eerste fokusgroep is saamgestel uit die “SBST” (School Based Support Team). Die span bestaan uit vyf vroulike personeel naamlik twee beraders, ’n spelterapeut, die departementshoof sowel as die maatskaplike werker wat die navorser is. Die navorser het nie aktief deelgeneem aan die fokusgroep nie, maar het eerder die rol as fasiliteerder ingeneem.

Die tweede fokusgroep is saamgestel uit al die jeugwerkers. Die betrokke skool het drie vroulike jeugwerkers en twee manlike jeugwerkers. Al die jeugwerkers werk al vir meer as drie jaar by die skool. Al die seuns in die skool is ingedeel in ’n spesifieke jeugwerker se groep. Die jeugwerkers is buite skoolure verantwoordelik vir die seuns. Die rol van die jeugwerker is om

die kind se “ma” of “pa” by die skool te wees. Die jeugwerkers is verantwoordelik vir die fisiese versorging van die kinders, sowel as huiswerk en enige ander aktiwiteite in die middag.

Die laaste fokusgroep is die onderwysers. Daar is sewe onderwyseresse op die onderwyspersoneel. Al sewe is by die studie betrek. Twee van die onderwyseresse het aan die begin van die jaar by die skool begin en die ander vyf is al vir meer as vier jaar betrokke by die skool. Die onderwyspersoneel is verantwoordelik vir die akademiese been van die skool, sowel as toesig van die kinders tydens skooltyd en pouses. Die onderwyspersoneel, sowel as die jeugwerkers, volg ’n gedragsmodifikasie program met die kinders.

7.2.2 Temas en sub-temas

Na aanleiding van die fokusgroepe, is die resultate in die volgende temas en sub-temas verdeel.

Tema 1	Omskrywing van die term seksuele misbruik
Sub-tema 1.1	Blootstelling
Sub-tema 1.2	Dwang / toestemming
Sub-tema 1.3	Magsposisie / volwassene - kind
Sub-tema 1.4	Penetrasie
Tema 2	Die invloed van seksuele misbruik op die kind se gedrag
Sub-tema 2.1	Emosionele problem
Sub-tema 2.2	Aggressie
Sub-tema 2.3	Kwesbaarheid
Sub-tema 2.4	Ander kinders misbruik
Tema 3	Probleemgedrag van seksueel misbruikte seuns in ’n klinkiekskool
Sub-tema 3.1	Geseksualiseerde gedrag of seksueel uitreagerende gedrag
Sub-tema 3.2	Aggressie

Sub-tema 3.3	Emosionele elemente
Sub-tema 3.4	Boelie
Sub-tema 3.5	Leuens en steel
Tema 4	Aspekte wat in ag geneem moet word as daar gekyk word na probleemgedrag by seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool
Sub-tema 4.1	Ouderdom
Sub-tema 4.2	Verhouding met die oortreder en aard van die misbruik
Sub-tema 4.3	Ander aspekte wat 'n kind se gedrag kan beïnvloed
Tema 5	Aanbevelings om seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool te hanteer
Sub-tema 5.1	Individualisasie
Sub-tema 5.2	Terapie
Sub-tema 5.3	Aksie teen oortreders
Sub-tema 5.4	Betrekking van gesin

Tabel 3: Temas en sub-temas

7.2.3 Bespreking van temas

Die bevindinge word in tabelformaat aangebied. Dit word volgens temas en sub-temas bespreek. Elke fokusgroep se narratiewe inligting word apart weergegee, maar die inligting word geïntegreer en met bronne gestaaf.

Tema 1: Omskrywing van die term seksuele misbruik

Fokusgroep	Narratiewe: Omskrywing van die term seksuele misbruik
“SBST”	• “... is 'n wye term wat enige iets van verbale aanmerkings tot penetrasie insluit.” • “As 'n kind blootgestel word aan seks, of self misbruik is of blootstelling aan pornografie of enige so iets.” • “Penetrasie kan enige vorm van penetrasie wees; 'n

	vinger, objek of penis.” • “(seksuele misbruik) is enige iets wat ’n kind sensories waarneem, selfs al hoor ’n kind net mense wat seks het, kan dit beskou word as seksuele misbruik.” • “enige vorm van blootstelling aan seksuele aktiwiteite”
Jeugwerkers	• “Seksuele misbruik is enige iets wat jy doen met ’n kind sonder die kind se toestemming.” • “Seksuele misbruik word nie beperk tot kinders nie” • “(in seksuele misbruik is) die een party meer volwasse as die ander party wat misbruik word” • “Seksuele misbruik is nie net van toepassing as die oortreder ’n volwassene is nie. Seksuele misbruik kan ook plaasvind tussen kinders, as die een kind intellektueel of seksueel meer volwasse is as die ander kind.” • “Seksuele misbruik het te doen met die gebruik van mag... die oortreder is altyd in ’n magsgosisie teenoor die slagoffer.” • “Seksuele misbruik sluit nie net fisieke aanraking in nie.” • “...visuele misbruik soos pornografie is ook seksuele misbruik”.
Onderwysers	• “...sonder toestemming.” • “(seksuele misbruik) is nie net seks nie, kan betasting ook wees met die doel om seer te maak. • “Sluit verkragting in” • “Orale seks” • “...die kind kan forseer word om seksuele dade met iemand anders te doen.” • “Seksuele misbruik sluit nie net fisiese aanraking in

	nie. Die kind kan forseer word om te kyk na pornografie, of om te kyk na enige ander seksuele dade.” • “Seksuele misbruik sluit ook “sexual talk” in.” • “Kinders word afgepers en is bang om nee te sê”
--	--

Tabel 4: Narratiewe - Omskrywing van die term seksuele misbruik

Die navorser wou bepaal of die deelnemers weet wat die term seksuele misbruik beteken. Aangesien die studie handel oor gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in ’n kliniekskool, was dit vir die navorser belangrik om vas te stel of die deelnemers weet wat seksuele misbruik is. Indien die deelnemers nie geweet het wat die term seksuele misbruik beteken nie, sou dit ’n invloed gehad het op die inligting wat vanuit die fokusgroepe verkry is. Vanuit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat die deelnemers van al drie fokusgroepe redelike kennis oor die term seksuele misbruik het.

Soos gesien in die inligting is seksuele misbruik ’n wye term wat ’n aantal misdade teen kinders insluit. Blootstelling aan enige seksuele aspekte tot penetrasie en alles tussenin, vorm alles deel van die term seksuele misbruik.

Volgens die Children’s Act (SA, 2005) is seksuele misbruik:

“Sexual abuse, in relation to a child, means:

- a) Sexual molesting or assaulting a child or allowing a child to be sexually molested or assaulted;
- b) Encouraging, inducing or forcing a child to be used for sexual gratification of another person;
- c) Using a child in or deliberately exposing a child to sexual activities or pornography; or
- d) Procuring or allowing a child to be procured for commercial sexual exploitation or in any way participating or assisting in the commercial sexual exploitation of a child.

Die volgende elemente het uitgestaan vanuit die inligting wat verkry is uit die fokusgroepe:

Sub-tema 1.1: Blootstelling

Dit is duidelik, vanuit die inligting wat verkry is, dat die deelnemers saamstem dat seksuele misbruik blootstelling aan seksuele aktiwiteite insluit. Dus gaan seksuele misbruik nie net oor fisiese aanraking soos betasting of verkragting nie, maar sluit die term onder andere ook blootstelling aan seksuele aktiwiteite, pornografie, seksuele praatjies, seksuele aanmerkings en ontbloting in. Die blootstelling van 'n kind aan laasgenoemde kan beskou word as nie-kontak seksuele misbruik.

Sub-tema 1.2: Dwang / toestemming

Die deelnemers het gemeen dat seksuele misbruik onder dwang plaasvind. Dit behels dus dat die kind nie toestemming gee of instem tot die seksuele aktiwiteit nie. Die kind word geforseer om deel te neem aan die seksuele aktiwiteite. Toestemming is die proses waar 'n volledig ingeligte en bekwame persoon deelneem aan besluitneming en opsies kies. Die feit dat 'n kind nie ingeligte toestemming kan gee nie, is wat maak dat 'n seksuele verhouding tussen 'n kind en 'n volwassene, mishandeling of misbruik is. Die kind kan nie die betekenis van seks verstaan nie en die kind is nie regtig vry om nee te sê nie.

Sub-tema 1.3: Magsposisie / volwassene – kind

Verder het die deelnemers genoem dat seksuele misbruik te doen het met mag. Die oortreder is dus 'n volwassene en die slagoffer 'n kind. Die deelnemers het gevoel dat die oortreder in 'n magsposisie tot die slagoffer is. Daar kan gesê word dat seksuele misbruik van kinders plaasvind wanneer iemand met 'n gevorderde of hoër kennis, ouderdom of mag, 'n meer naïewe, kwesbare of swakker persoon (kind) betrek in 'n geseksualiseerde

verhouding, met of sonder toestemming van die jonger persoon. Wieland (1997:9) staaf hierdie stelling: "...an encounter between an adult or a child who is older or more powerful and a child, carried out for reasons of sexual stimulations is sexual abuse".

Sub-tema 1.4: Penetrasie

Daar is genoem dat seksuele misbruik verkragting is. As daar gekyk word na verkragting dui die term op penetrasie. Die deelnemers het genoem dat seksuele misbruik penetrasie van enige soort insluit. Seksuele penetrasie kan gesien word as enige vorm van penetrasie; van die geslagsorgaan tot enige liggaamsdeel, en/ of objek deur 'n persoon, in of buite die geslagsdele, anus of mond van 'n ander persoon.

Tema 2: Die invloed van seksuele misbruik op 'n kind se gedrag

Fokusgroep	Narratiewe: Die invloed van seksuele misbruik op 'n kind se gedrag
"SBST"	• "Seksuele misbruik het definitief 'n invloed op 'n kind se gedrag. • "Gedrag sluit enige iets in van aggressie tot geweldige depressie." • "Die gedrag van 'n seksueel misbruikte kind is maar dieselfde as 'n kind met trauma; emosionele probleme, bednatmaak." • "Kinders kan nie hulle emosies verwoord nie".
Jeugwerkers	• "Het 'n invloed op hulle geslagsrol (geslagsrolidentifikasie probleme), seuns wat seksueel misbruik word sal soos 'n dogtertjie begin optree." • "Dominerende gedrag." • "Hulle begin ander misbruik omdat hulle self misbruik word."

	• “Groot voor hulle tyd”. • “Don’t act their age.”
Onderwysers	• “(probleme in gedrag) dat dit in baie van die gevalle eers later in die kind se lewe na vore kom... dit het nie dadelik ’n invloed op die kind se gedrag nie.” • “(probleme met) selfvertroue en selfbeeld” • “... die kinders het ’n knou weg” • “so ’n kind gee makliker toe (tot misbruik)” • “...daar word bo-oor hierdie kinders (seksueel misbruikte kinders) geloop” • “die kinders (seksueel misbruikte kinders) sukkel om te vertrou” • “Dit (die feit dat hulle seksueel misbruik is) het ’n invloed op hulle verhoudings met ander mense.” • “Sal moontlik self ook eendag ’n oortreder wees”

Tabel 5: Narratiewe - Die invloed van seksuele misbruik op ’n kind se gedrag

Die navorser wou bepaal of die deelnemers meen dat seksuele misbruik ’n invloed op ’n kind se gedrag het al dan nie. Verder wou die navorser bepaal wát die invloed op die kind se gedrag is.

Die deelnemers was eensgesind in al drie fokusgroepe dat seksuele misbruik definitief ’n invloed op ’n kind se gedrag het. Die deelnemers het verskeie gedragsprobleme genoem wat kinders openbaar as gevolg van seksuele misbruik.

Die volgende elemente het uitgestaan vanuit die inligting wat ingewin is:

Sub-tema 2.1: Emosionele probleme

Deelnemers het genoem dat seksuele misbruik dieselfde effek op 'n kind sal hê as enige ander trauma. Dit is duidelik dat die deelnemers voel dat seksuele misbruik lei tot emosionele probleme by kinders. Die deelnemers meen dat seksuele misbruik lei tot depressie, lae-selfbeeld en swak selfvertroue. Verder het die deelnemers aangedui dat seksuele misbruik 'n invloed op kinders se verhoudings met ander het en dat die kinders sukkel om ander mense te vertrou. Bednatmaak as emosionele reaksie op seksuele misbruik het ook na vore gekom. Verder het een van die deelnemers ook gemeen dat kinders wat seksueel misbruik is, soms sukkel met geslagsrolidentifikasie probleme wat ook aansluit by emosionele probleme.

Sub-tema 2.2: Aggressie

Vanuit die inligting wat uit die fokusgroepe ingewin is, het dit na vore gekom dat die deelnemers meen dat kinders wat seksueel misbruik is, aggressiewer as ander kinders kan wees. Van die deelnemers het ook genoem dat hierdie kinders soms dominerende gedrag toon.

Sub-tema 2.3: Kwesbaarheid

Die deelnemers het aangedui dat kinders wat seksueel misbruik is, kwesbaar is. Een deelnemer het genoem dat daar “bo-oor hierdie kinders geloop word”. Die deelnemers voel dus dat hierdie kinders nie kan opstaan vir hulself nie en kwesbaar word vir 'n verskeidenheid aanslae. Die deelnemers het gevoel dat hierdie kinders onder andere, baie kwesbaar is om weer misbruik te word. Van der Kolk, McFarlane en Weisaeth, (2007:11) ondersteun hierdie siening en meld dat erg getraumatiseerde individue aanhoudend her-getraumatiseer word en dat kinders wat seksueel misbruik is baie kwesbaar is, om weer misbruik te word.

Sub-tema 2.4: Ander kinders misbruik

Dit het baie duidelik na vore gekom dat die deelnemers voel dat daar by seksueel misbruikte kinders 'n verhoogde kans is dat hulle ander kinders sal misbruik. Die deelnemers het gevoel dat hierdie kinders baie keer self oortreders word. Finkelhor en Browne (1994:23) stem saam: "Some children who have been victimized, especially adolescent boys, but sometimes even younger children, become sexually aggressive and victimize their peers or younger children" Verder het die deelnemers genoem dat hierdie kinders gevorderde seksuele kennis vir hulle ouderdom het.

Tema 3: Probleemgedrag van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool

Fokusgroep	Narratiewe: Probleemgedrag van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool
"SBST"	• "Daar is verseker van die seuns in die skool wat seksueel misbruik is." • "Hulle betas mekaar, betrek ander kinders by seksuele spel en is kort-kort om hoekies." • "In die nag in die koshuis het ons al gekry dat hulle saam in die bed klim." • "...erge masturbasie." • "Die grootste probleem is seker seksuele praatjies" • "Daar was al gevalle waar van die seuns die ander kinders verkrag het... daar was penetrasie." • "Verbale aanvalle en aanmerkings op die personeel" • "Jok oor die misbruik en jok oor die algemeen", • "Boelie ander kinders" • " ...van hulle kan nie ontlasting inhou nie, (enkuprese)"
Jeugwerkers	• "Hulle domineer die ander seuns... sê byvoorbeeld "jy sal vir my luister""

	• “Hulle dwing ander seuns in seksuele aktiwiteite”. • “Hulle boelie die ander kinders” • “...baie aggressie”. • “hulle wil nie deel wees van die groep nie (onttrek van ander) • “Raak “vulnerable” om weer misbruik te word.” • “Word seksueel oorgestimuleer en betrek kinders by seksuele spel” • “Hulle steel definitief...die kind steel nie om die spesifieke ding te hê nie maar hy soek liefde. “ek steel om die gat in my hart toe te maak” • “...hulle misbruik dan weer ander kinders.” • “Behoeftte aan fisiese kontak... geen grense nie.” • “Weet nie hoe om liefde te wys anders as om seksueel te wees nie” • “ Aandag soek gedrag... by die huis is die enigste tyd wanneer ek aandag kry as ek op oupa se skoot sit”. • “Hulle ontken die misbruik en jok dan want hulle moet die misbruik ’n geheim hou. Moet alles toesmeer.” • “Breek goed as ’n uitlaatklep.” • “Dit is traumaties vir hierdie kinders en hulle weet nie hoe om te “cope” daarmee nie”
Onderwysers	• “Aggressie... apaties... onttrekking... seuns probeer mekaar seksueel misbruik.” • “Kinders het nie grense nie hulle is in ’n mens se persoonlike spasie” • “...hulle jok” • “Gebruik seksuele taal en raak betrokke in seksuele gesprekke en maak seksuele opmerkings.” • “hulle boelie soms ander kinders en is baie keer ook

	die slagoffer van boelies.” • Die ding wat ons die meeste kan sien is die irritasie van kinders... hulle maak ander seer want hulle wil ook hê ander moet voel soos hulle.” • “Hierdie kinders hardloop gereeld weg of uit die klas uit.” • “Die kinders sukkel om te konsentreer want hulle dink aan ander dinge.” • “Hulle betas ook hulself in die klas en dit trek hulle aandag af.”
--	--

Tabel 6: Narratiewe - Probleemgedrag van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool

Die navorser wou bepaal wat die deelnemers meen die spesifieke probleem gedrag van die seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool is. Die navorser wou egter eers vasgestel of die deelnemers van mening is dat daar seuns in die betrokke skool is wat wel seksueel misbruik is.

Al die deelnemers het genoem dat hulle bewus is van baie van die seuns in die skool wat seksueel misbruik is. Die volgende elemente het uitgestaan tydens die verwerking van die inligting wat verkry is vanuit die drie fokusgroepe.

Sub-tema 3.1: Geseksualiseerde gedrag of seksueel uitreagerende gedrag

Vanuit al drie die groepe het dit die duidelikste na vore gekom dat die deelnemers voel dat die seksueel misbruikte seuns in die betrokke skool, baie duidelike geseksualiseerde gedrag het. Hierdie mening stem ooreen met dié van Kuehnle en Drozd (2005:45) “...sexual behaviour problems are the most consistent immediate outcome to sexual abuse.”

Die deelnemers het gemeen dat hierdie kinders baie keer ander kinders betrek by seksuele spel. Verder het die deelnemers aangedui dat hierdie seuns sukkel met grense en is seksueel oorgestimuleer. Die kinders is betrokke by seksuele praatjies. Volgens die deelnemers masturbeer die kinders gereeld. Die deelnemers het genoem dat hierdie kinders soms ander kinders seksueel misbruik en ander dwing om deel te neem aan seksuele aktiwiteite. Die seuns maak soms seksuele aanmerkings teenoor personeel. Dus wil dit voorkom of die deelnemers meen dat die seksueel misbruikte seuns in die betrokke skool baie keer seksueel onvanpaste gedrag toon en baie seksueel uitreagerende gedrag toon.

Sub-tema 3.2: Aggressie

Die deelnemers meen dat die seuns baie aggressief is. Die seksueel misbruikte seuns in die skool val die personeel soms aan. Verder domineer hulle ander seuns. Volgens die deelnemers is die seksueel misbruikte seuns dikwels destruktief en breek hulle goed met opset. Volgens die deelnemers raak die seuns vinnig geïrriteerd en maak dan ander leerders fisies seer.

Sub-tema 3.3: Emosionele elemente

Vanuit die inligting wat verkry is, wil dit voorkom of die deelnemers meen dat die seuns in die betrokke skool wat seksueel misbruik is baie keer probleme het met emosionele aspekte. Die deelnemers noem dat die seuns hulself onttrek van die groep. Verder het die deelnemers genoem dat die kinders getraumatiseer is en nie weet hoe om hulle emosies te hanteer nie en hoe om te “cope” met die trauma nie. Die deelnemers het aangedui dat die seuns apaties is en emosioneel afgestomp voorkom. Een van die deelnemers het aangedui dat die seuns soms slagoffers van boelies is. Enkuprese kom by die seuns voor. Daar is aangedui dat die deelnemers soms steel as gevolg van emosionele behoeftes. Die deelnemers het genoem dat die seuns kwesbaar is om weer misbruik te word.

Sub-tema 3.4: Boelie

Die deelnemers het aangedui dat die leerders wat seksueel misbruik is in die skool baie keer die ander leerders boelie.

Sub-tema 3.5: Leuens en steel

Volgens die deelnemers vertel die seuns wat blootgestel is aan seksuele misbruik gereeld leuens. Van hulle meen dat die seuns jok oor die misbruik en ander meen dat die seuns jok oor alles. Een van die deelnemers het genoem dat die seuns steel.

Tema 4: Aspekte wat in ag geneem moet word as daar gekyk word na probleemgedrag by seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool

Fokusgroep	Narratiewe: Aspekte wat in ag geneem moet word as daar gekyk word na probleemgedrag by seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool
“SBST”	• “...ouderdom van die kind speel 'n groot rol.”
Jeugwerkers	• “Die verhouding met die oortreder...” • “...en die tipe misbruik het ook 'n invloed op 'n kind se gedrag.”
Onderwysers	• “...dit is belangrik om die kind se situasie en ander emosionele probleme ook in ag te neem as daar gekyk word na probleemgedrag by die kinders.” • “Baie van die gedrag kan nie direk of alleen toegeskryf word aan die seksuele misbruik nie.” • “Al die kinders in die skool openbaar gedragsprobleme maar al die seuns is nie seksueel misbruik nie.” • “'n Kind se temperament, persoonlikheid en karakter en sulke goed moet ook in ag geneem word.” • “Die gedrag word ook beïnvloed in die situasie waar die kind is... gedrag wissel van vorige skool, tot die

	huis tot die gedrag by dié skool” • “Die kind se ouderdom” • “...medikasie waarop die kind is....”
--	--

Tabel 7: Narratiewe - Aspekte wat in ag geneem moet word as daar gekyk word na probleemgedrag by seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool

Tydens die fokusgroepe het dit na vore gekom dat baie van die deelnemers meen dat daar ander aspekte is wat in ag geneem moet word as daar gekyk word na probleemgedrag by seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool. Die elemente wat uitgestaan het gaan vervolgens bespreek word.

Sub-tema: 4.1: Ouderdom

Die deelnemers het gemeen dat dit belangrik is om die ouderdom van die kind gedurende die misbruik in ag te neem. Spies (2006:50) kontrasteer die volgende: “...the age of the child will determine the impact of the abusive act on the child.” Die deelnemers het gevoel dat die kind se ouderdom tydens die misbruik die kind se gedrag later kan beïnvloed. Dit gebeur soms dat as die kind baie jonk was, die kind baie min van die misbruik kan onthou. Verder het die deelnemers aangedui dat dit belangrik is om die kind se ouderdom ingedagte te hou as ons kyk na probleemgedrag. Die ouderdom van die kind gaan 'n invloed hê op watter probleemgedrag die kind gaan openbaar.

Sub-tema 4.2: Verhouding met die oortreder en aard van die misbruik

Die deelnemers het gemeen dat die kind se verhouding met die oortreder en die aard van die misbruik 'n invloed gaan hê op die probleemgedrag wat die kind openbaar. Heitritter & Vough (2006: 33) staaf hierdie mening van die deelnemers. Dus moet daar onder andere gekyk word na aspekte soos; was dit intra- of ekstra familiêre misbruik; het die kind ondersteuning ontvang van die nie oortredende ouer; was die misbruik eenmalig of het dit meer as een keer gebeur; was die oortreder 'n volwassene of ander kind; was daar penetrasie of nie; asook die “grooming” en duur van die misbruik.

Sub-tema 4.3: Ander aspekte wat 'n kind se gedrag kan beïnvloed

Die deelnemers het aangedui dat dit belangrik is dat ander aspekte uitgeskakel moet word, wat die kind se gedrag kon beïnvloed het. Dus moet daar gekyk word na ander emosionele probleme wat moontlik die kind se gedrag kon beïnvloed, soos onder andere egskeiding van ouers, rou smart, fisiese mishandeling, gesinsgeweld ensovoorts. Verder moet daar gekyk word wat die ander elemente is wat kon bydra tot die gedragsprobleme. Elemente soos psigiatrisie afwykings en outisme moet in ag geneem word. Die deelnemers meen dat al die seuns in die skool min of meer dieselfde gedragsprobleme het en dat nie almal seksueel misbruik is nie.

Tema 5: Aanbevelings om seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool te hanteer

Fokusgroep	Narratiewe: Aanbevelings om seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool te hanteer
“SBST”	• “Dit is 'n groot uitdaging om met die kinders te werk in hierdie situasies.” • “Daar moet by die wortel daarvan uitgekom word... hulle moet daardeur kan werk.” • “Die betrokke partye moet aangespreek word... die kinders moet verwyder word uit die situasie en beveilig word.” • “...deur middel van spel die probleme aan te spreek.”
Jeugwerkers	• “Elke kind is anders en het 'n spesifieke, individuele benadering nodig.” • “Hulle het baie aandag nodig.” • “....regte grense met die kinders”
Onderwysers	• “...hulle hou van roetine en voel veilig in gestruktureerde plekke.”

	• “Die skool moet meer ondersteuningsisteme kry, soos sielkundiges, arbeidsterapeute, spraakterapeute, psigiaters.” • “Familie intervensie... die kinders gaan terug na dieselfde omstandighede toe en word nie beveilig nie.” • “Die kinders het ondersteuning nodig van die ouers” • “Die straf vir seksuele misbruik moet erger wees.”
--	--

Tabel 8: Narratiewe - Aanbevelings om seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool te hanteer

Die navorser het gevoel dat dit belangrik is om riglyne te kry rakende die hantering van die seksueel misbruikte kinders in 'n kliniekskool. Die deelnemers het dus aanbevelings gemaak hoe om die seuns te hanteer.

Sub-tema 5.1: Individualisasie

Die deelnemers het gemeen dat dit baie moeilik en 'n groot uitdaging is om met seksueel misbruikte kinders te werk. Die deelnemers het gevoel dat dit belangrik is om elke kind as 'n individu te benader. Spies (2006: 48) meen dat die impak wat seksuele misbruik op 'n kind het, wissel van kind tot kind. Dus moet daar spesifieke behandelingsprogramme vir elke kind opgestel word. Die deelnemers het aangedui dat die kinders baie aandag nodig het. Dit is belangrik om vir hierdie kinders duidelike grense te stel. Verder het die deelnemers genoem dat die kinders roetine en struktuur nodig het, aangesien dit hulle veilig laat voel.

Sub-tema 5.2: Terapie

Die deelnemers het gevoel dat dit belangrik is vir die skool om die nodige ondersteuningsisteme te kry om sodoende te verseker dat hierdie kinders die regte terapie ontvang. Die deelnemers het aangedui dat dit belangrik is om die kern van die probleem aan te spreek. Die deelnemers het aangedui dat die kinders verskeie vorme van terapie nodig het onder andere spel terapie.

Sub-tema 5.3: Aksie teen oortreders

Die deelnemers het sterk gevoel dat die straf en aksie teen die oortreders nie streng genoeg is nie. Die deelnemers het aangedui dat vervolging nodig is en strengere vonnis vir die oortreders opgelê moet word. Dit is dus belangrik dat die gevalle aangemeld moet word en dat die nodige prosesse gevolg sal word om vonnis van die oortreders te verseker. Die oortreders moet gevonnissen word en uit die gemeenskap geneem word om verdere misbruik van kinders te voorkom.

Sub-tema 5.4: Betrekking van gesin

Die deelnemers het aangedui dat die kinders by die skool gehelp word maar dat hulle dan elke naweek teruggaan na die huis toe waar die misbruik plaasvind. Die deelnemers het gemeen dat dit belangrik is dat die gesinsisteem ook deur 'n behandelingsprogram moet gaan en dat gesinsintervensie nodig is. Spies (2006:52) noem dat “children’s recovery is greatly enhanced when parents believe the children when they disclose the abuse. An unsupportive or over-reactive parental response results in greater trauma.” Die kinders het ondersteuning van hulle ouers nodig. Verder het die deelnemers aangedui dat dit baie belangrik is dat hierdie kinders beveilig moet word. Terapie gaan nie 'n impak hê as die kind steeds misbruik word of nie veilig voel nie.

8. BESPREKING

Dit is duidelik vanuit die bogenoemde inligting dat daar teenstellings sowel as ooreenkomste is met die inligting wat verkry is vanuit die vraelyste met die seuns en die fokusgroepe. Vervolgens gaan hierdie teenstellings en ooreenkomste puntsgewys bespreek word.

- Al die seuns wat by die studie betrek was, was blootgestel aan seksuele misbruik of is seksueel misbruik. Vier van die seuns het egter aangedui dat hulle nie weet wat “seksuele misbruik” is nie. Dit is moontlik dat dit vir die deelnemers moeilik was om te praat oor seksuele misbruik en dat hulle

ongemaklik was om die term aan die navorser te verduidelik en daarom aangedui het dat hulle nie weet wat dit beteken nie en dus gekies het om dit te vermy.

- Verder het slegs ses van die veertien seuns erken dat hulle self seksueel misbruik is. Dit wil dus voorkom dat dit vir die seuns moeilik is om oor hulle eie misbruik te praat en eerder jok daaroor om dit te vermy. Die inligting wat verkry is vanuit die fokusgroepe ondersteun hierdie afleiding. The Leadership Counsel (2005) meld die volgende: “Boys seem to have a particularly difficult time dealing with sexual abuse and are even less likely to report it than girls... Research with abused males has found that the more severe the abuse, the more likely the boy is to blame himself and the less likely he will disclose the abuse... research shows that children often minimize and deny, rather than embellish what has happened to them.”
- Die hefte van die seuns het gemeen dat seksuele misbruik ’n invloed op ’n kind se gedrag het. Dit was duidelik vanuit die fokusgroepe dat die deelnemers gevoel het dat seksuele misbruik definitief ’n kind se gedrag beïnvloed. Dit is egter interessant dat slegs twee van die seuns gemeen het dat seksuele misbruik hulle gedrag beïnvloed het. Dit is moontlik dat die seuns nie die verband kan sien tussen hulle eie seer (emosionele probleme) of dan seksuele misbruik en hulle gedragsprobleme nie. Vanuit die ander inligting wat verkry is uit die vraelyste wil dit voorkom of seksuele misbruik definitief ’n invloed op ’n kind se gedrag het.
- Al die seuns het aangedui dat hulle soms jok. Hierdie is in ooreenstemming met die inligting wat verkry is vanuit die fokusgroepe.
- Alhoewel die deelnemers in die fokusgroepe gemeen het dat seksueel misbruikte seuns in ’n kliniekskool steel, het die meerderheid van die seuns aangedui dat hulle nog nooit gesteel het nie. Dit is moontlik dat die seuns voel dat steel baie “erge” gedrag is en daarom bang is om te erken dat hulle steel. Dit is ook moontlik dat die term steel anders in die fokusgroepe verstaan word as onder die seuns.

- Meer as 85% van die seuns het gemeen dat hulle nooit seksuele opmerkings maak nie. Dit is in teenstelling met die inligting wat verkry is vanuit die fokusgroepe. Dit het uitgestaan by al drie fokusgroepe dat seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool seksuele opmerkings maak. In die skool word die seuns baie aangespreek oor die spesifieke saak. Dit wil voorkom of die seuns bang was om te erken dat hulle seksuele opmerkings maak en daarom dit eerder ontken het.
- Vanuit die vraelyste en die fokusgroepe is dit duidelik dat seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool boelie gedrag openbaar.
- Vanuit die fokusgroepe het dit uitgestaan dat seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool aggressiewe gedrag openbaar. Alhoewel slegs een van die seuns gemeen het dat hy gereeld aggressiewe gedrag openbaar, het agt van hulle gemeen dat hulle soms aggressiewe gedrag openbaar. Verder het dit vanuit die vraelyste na vore gekom dat die meerderheid van die seuns gemeen het dat hulle gereeld of soms baklei met maats, baklei met sibbe, destruktief is, uitdagende gedrag openbaar, ander kinders slaan en ander verbaal dreig. Die inligting verkry vanuit die fokusgroepe stem dus ooreen met die inligting wat verkry is vanuit die vraelyste. Dit wil voorkom of die seuns trauma eksternaliseer en dus erge aggressie en boelie gedrag toon.
- Al die seuns het aangedui dat hulle nooit diere seermaak nie. Dit stem ooreen met die deelnemers van die fokusgroepe se opinies.
- Vanuit die inligting verkry uit die kwalitatiewe benadering en die kwantitatiewe benadering, wil dit voorkom dat seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool sukkel om te konsentreer en dus aandagafleibaar is. Verder blyk dit of die seuns verkies om met tye te onttrek van ander.
- Die seuns in die skool wat seksueel misbruik is ontken almal dat hulle ander kinders betrek by seksuele spel. Uit die fokusgroepe het dit egter duidelik na vore gekom dat die deelnemers meen dat geseksualiseerde gedrag en seksueel uitreagerende gedrag een van die grootste probleme

is van die seksueel misbruikte seuns. Dit wil dus voorkom of die seuns nie altyd eerlik was met hulle antwoorde op die vrae nie.

- Dit wil voorkom asof seuns wat seksueel misbruik is, depressiewe gedrag openbaar. Die data verkry vanuit die vraelyste en fokusgroepe staaf hierdie stelling.
- Slegs 2 van die seuns het gemeen dat hulle soms bednatmaak. Die inligting verkry uit die fokusgroepe is egter teenstrydig met die van dié vraelyste. Dit is moontlik dat die seuns skaam is om te erken dat hulle bednatmaak.
- Die impak van die misbruik op die kind se gedrag wissel van kind tot kind en situasie tot situasie. Kinders in die betrokke skool wat seksueel misbruik is se gedragsprobleme kan nie alleen toegeskryf word aan hulle seksuele misbruik nie.
- Dit blyk dat die seksuele misbruik van seuns in 'n kliniekskool 'n impak op hulle emosionele funksionering, sowel as gedrag het.
- As daar gekyk word na die data wat verkry is vanuit die drie fokusgroepe stem meeste van die inligting ooreen. Die fokus van die drie groepe verskil egter. As daar gekyk word na die fokus van die "SBST" is dit meer terapeuties en emosioneel ingestel. Verder was daar 'n element van skoolastiese impak en gedrag in klasverband, wat deur die onderwysers benadruk is en die jeugwerkers het inligting rakende spesifieke gedragsprobleme deurgegee.

9. AANBEVELINGS

Op grond van die bevindinge en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gemaak rakende gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool.

- Seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool het spesifieke intervensie nodig. Die intervensie moet kind gesentreerd wees en fokus op die individuele geval. Dit is belangrik dat elkeen van hierdie kinders terapie

ontvang en 'n individuele behandelingsprogram moet vir elke kind saamgestel word.

- Die seuns het nodig om veilig te voel voor intervensie kan begin. Die seuns moet dus beveilig word en die grense, strukture en roetine by die skool en die huis moet vir die kinders voorspelbaarheid en sekuriteit bied.
- Gedragsprobleme is 'n uitvloeisel of simptoom van die seksuele misbruik. Dit is dus belangrik om eers die seuns se trauma of seksuele misbruik aan te spreek in terapie, voor daar gewerk word aan die gedragsprobleme.
- Streng toesig vir hierdie seuns is nodig om seker te maak dat hulle nie ander kinders misbruik nie en ook om te verseker dat hulle nie weer misbruik word nie.
- Familie intervensie is nodig. Die skool moet moontlik as deel van die voorwaardes van plasing, ouers verplig om in te skakel by ouerleiding en familie intervensie. Die ouers moet dus eenmaal per week inskakel vir ouerleiding by een van die "SBST" lede.
- Verdere navorsing moet gedoen word om 'n breë raamwerk vir 'n program saam te stel vir behandeling van die seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool.
- Die onderwysdepartement moet aan die skool die nodige ondersteuningsisteme en gespesialiseerde poste vir 'n verskeidenheid terapeute voorsien. Dit sal in die belang van die skool wees as daar nog 'n maatskaplike werker, sowel 'n as sielkundige aangestel kan word.

10. SLOTOPMERKINGS

Die doel van hierdie studie was om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek, gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool te ondersoek. Die ondersoek het bepaal dat daar wel 'n groot aantal gedragsprobleme is wat seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool openbaar.

Daar word met die aanbevelings wat gemaak is gepoog om te verseker dat daar korrekte dienste aan die seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool gelever word, ten einde hulle probleemgedrag te hanteer en vinniger te rehabiliteer.

11. BRONNELYS

American Psychological Association. 2012. Understanding child sexual abuse: education, prevention and recovery. <http://www.apa.org/pubs/info/brochures/sex-abuse.aspx#> Datum van gebruik: 23 Maart 2012.

American Psychological Association. 2012. Understanding child sexual abuse: education, prevention and recovery. <http://www.apa.org/pubs/info/brochures/sex-abuse.aspx#> Datum van gebruik: 06 September 2013

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. Fundamental of social research methods: an African perspective. Kenwyn: Juta & Co. Ltd.

Botma, Y., Greeff, M., Mulaudzi, F.M. & Wright, S.C.D. 2010. Research in health sciences. Cape Town: Pearson Education

Borrelli, L. 2013. Effects of child sexual abuse: depression and other mental health conditions. <http://www.medicaily.com/effects-child-sexual-abuse-depression-and-other-mental-health-conditions-247591> Datum van gebruik: 10 Oktober 2013.

Briere, J. & Eliot, D.M. 2003. Prevalence and psychological sequence of self-reported childhood physical and sexual abuse in the general population. *Child Abuse and Neglect*, (27)10: 1205-1222.

Bryman, A. 2008. Social research methods. New York: Oxford University Press.

Bullough, V. & Bullough, B. 1994. Children and Sex, Part 11: Childhood Sexuality. http://www.ipce.info/bookreborn/martison/articels/1994_children.html Datum van gebruik: 16 Maart 2012

Childline South-Africa. 2009. For children. <http://www.childlinesa.org.za/content/view/12/13/> Datum van gebruik: 5 Desember 2012

Community Agency for Social Enquiry. 2005. Child sexual abuse and exploration in South Africa. http://www.case.org.za/images/docs/child_sexual_abuse.pdf Datum van gebruik: 25 Maart 2012.

Conklin, K. 2012. Child sexual abuse ii: fostering resilience and taking a realistic approach to prevention. <http://advocatesforyouth.org/storage/advfy/documents/child-sexual-abuse-ii.pdf> Datum van gebruik: 10 Oktober 2013.

Creswell, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative and mixed method approaches. Londen: Sage Publications.

De Vos, A.S. 2005. Combined quantitative and qualitative approach. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 357-366)

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2011. Mixed methods research. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social service and human service professions, 4th ed. Pretoria: Van Schaik p. 433-448.)

Finkelhor, D. & Browne, A. 1994. The traumatic impact of child sexual abuse: A conceptualization. *American journal of orthopsychiary*, 55(4):23-35

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social service and human service professions, 4th ed. Pretoria: Van Schaik p. 133-141)

Fouché, A. & Joubert, J.M.C. 2003. Play techniques in the assessment of sexually abused black children. *Acta criminological*, 16(4):12-20

Friedrich, B. 2005. Correlates of Sexual Behavior in Young Children. *Journal of Child Custody*, 2(3): 41-55.

Friedrich, W. N., Fisher, J., Broughton, D., Houston, M., & Shafran, C.R. 1998. Normative sexual behavior in children: a contemporary sample. *Pediatrics*, 101(4): 1-8.

Greeff, M. 2011. Information collection: Interviewing. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social service and human service professions, 4th ed. Pretoria: Van Schaikp286-313.)

Grinnell, R. M. 1997. Social work research & evaluation: quantitative and qualitative approaches. New York, USA: Peacock Publishers.

Hewitt, S.K. 1999. Assessing allegations of sexual abuse in preschool children: understanding small voices. New York, USA: Sage Publications.

Heitritter, L. & Vouch, J. 2006. Helping victims of sexual abuse. Minnesota: Bethany House Publisers.

Johnson, C.F. 2004. Child sexual abuse. *Lancet*, 364(9432):462–70.

Kotze, E. 2006. 'n Speltherapieprogram vir die adolessente dogter wat seksueel misbruik is. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – M.W.) 723 p.

Kuehnle, K. & Drozd, L. 2005. Child custody litigation: Allegations of child sexual abuse. New York: Haworth Press.

Leadership Counsel. 2005. Eight common myths about child sexual abuse. http://www.leadershipcouncil.org/1/res/csa_myths.html Datum van gebruik: 10 Oktober 2013.

Monette, D.R., Sullivan, T.J. & De Jong, C.R. 2005. Applied social research: a tool for the human services. Londen: Thomas Brooks/Cole Publishers.

Moxley-Goldsmith, T. 2005. Boys in the basement: male victims of commercial sexual exploitation. *American Prosecutors Research Institute*, 2(1):83-84.

Nkansah-Amankra, S. & Walker, A.W. 2012. The relation between adolescent self assessment of health and risk behaviours. Could a global measure of health provide indications of health risk exposures? *Health Education Journal*, 71(1):39-52.

Neuman, W.L. 2000. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. Londen: Allyn & Bacon.

Newton, C.J. 2001. Child Abuse: An overview. <http://www.findcounseling.com/journal/child-abuse/sexual-abuse-effects.html> Datum van gebruik: 20 Maart 2012.

Poggenpoel, M. 1998. Data analysis in qualitative research. (In De Vos, A.S. ed. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik. p.334-353.)

POWA. 2010. People opposed to women abuse. <http://www.powa.co.za/projects/programmes.html> Datum van gebruik: 6 Desember 2012

Prevent Child Abuse America. 2012. Fact sheet: sexual abuse of boys.

https://docs.google.com/viewer?a=v&q=cache:wRB_sQz9ZgkJ:member.preventchildabuse.org/site/DocServer/sexual_abuse_of_boys.pdf?docID%3D127+sexual+abuse+of+boys+statistics&hl=en&gl=za&pid=bl&srcid=ADGEEShdHbU-kIdurOFOgCd6t-pdu7WeLV3_Q5NjUPddStgSY_sFCIVFwC1psRsB2vJqLL09dLtUDqL0z0bD3WifLwph3QwN6K_6O49ljLqXzW0tiUs_5dpe47lIDoZgG0xo7gB4eU&sig=AHIEtbRKYRpiTCXluULnbslDXvfLYw8tQQ Datum van gebruik: 10 Desember 2012.

Procter. 2013. Child sexual abuse. http://rapeoutcry.co.za/home/?page_id=180 Datum van gebruik: 10 September 2013.

Putnam, F. W. 2006. The Impact of Trauma on Child Development. *Juvenile and Family Court Journal*, 51(1):1-11.

Ricci, L.R. 2012. Parenting a sexual abused child.

http://www.childrenshealthnetwork.org/CRS/CRS/pa_sexabpar_pep.htm Datum van gebruik: 08 Oktober 2012

Rich, P. 2008. Recognizing Healthy and Unhealthy Sexual Development in Children. http://www.selfhelpmagazine.com/articles/child_behavior/sexdev.html Datum van gebruik: 24 Maart 2012

Rubin, A. & Babbie, E. 2001. Research methods for social work. Pacific Grove, California: Brooks/Cole.

Saisan, J., Smith, M. & Segal, J. 2012. Child Abuse and Neglect Recognizing and Preventing Child Abuse.

http://www.helpguide.org/mental/child_abuse_physical_emotional_sexual_neglect.htm Datum van gebruik: 25 Maart 2012.

Schurink, W., Fouche, C.B., & de Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social service and human service professions, 4th ed. Pretoria: Van Schaik p.387-423)

Spies, G.M. 2006. Sexual abuse: Dynamics, assessment & healing. Pretoria: Van Schaik.

Staiger, P. 2005. Children who engage in problem sexual behaviour: a review of the literature. Ringwood: Deakin University .

Stein, P.T., & Kendall, J. 2004. Psychological trauma and the developing brain: Neurologically based interventions for troubled children. New York, Binghamton: Haworth Press.

Strydom, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik p. 56-70.)

Strydom, H. 2012. Navorsingsteorie as deel van die program: Forensiese Praktijk. Potchefstroom: NWU, Potchefstroomkampus. (Studiegids MWKF 880 PAC).

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social service and human service professions, 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p 327 - 333)

Suid-Afrika. 2005. Children's Act of 2005.

Suid-Afrika. 2007. Wysigingswet op die strafreg (Seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede) No 32 van 2007.

Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie. 2002 "Report on sexual offences against children. Does the criminal justice system protect children?"
http://www.sahrc.org.za/child_sexual-report-april-2002.PDF Datum van gebruik: 18 Maart 2012.

Suid-Afrikaanse Polisie Diens. 2011. Statistiek. Suid-Afrikaanse Polisie Diens. Pretoria.

Talkingpoint. 2008. What are behaviour difficulties?
<http://www.talkingpoint.org.uk/en/SLTs/Themes/Behaviour/What%20are%20Behavioural%20Difficulties.aspx> Datum van gebruik: 09 September 2013.

Van der Kolk, B.A., McFarlane, C. & Weisaeth, L. 2007. Traumatic stress: the effect of overwhelming experience on mind, body and society. New York: Guildford Publications.

Wieland, S. 1997. Hearing the internal trauma: working with children and adolescents who have been sexually abused. New York: Sage Publications.

ADDENDUM A

Dear parent / gaurdian

Letter of Consent that must be completed by the student's parent

Joane van Heerden, the social worker at [REDACTED] school. She is currently completing her degree in MA (Social Work) in Forensic Practice, North-West University, Potchefstroom Campus. To successfully complete her degree she needs to undertake research.

The researcher's topic for her dissertation is: "Gedragprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n Kliniekskool." The study was undertaken to determine the type of behavior problems that can be observed in sexually abused boys in a Clinic School.

The boys of [REDACTED] Clinic School will be involved in the study. The boys are expected to work with the researcher to complete a questionnaire. The confidentiality and privacy of the students can be ensured. The questionnaire will be completed under supervision during school hours and with the necessary guidance. Data obtained from the questionnaire will be used in the researcher's thesis.

Your child's emotional well-being is ensured and if necessary there will be a debriefing session where any discomfort or questions in response to the questionnaire will be treated.

It is requested that you, the parent or guardian of the child will give consent in writing that your child may complete the questionnaire.

Name of child concerned: _____

Name of Parent / Guardian: _____

Signature: _____

Date: _____

Your cooperation in this regard is appreciated.

Researcher: Joane van Heerden (Social Worker, [REDACTED] School)

ADDENDUM B

Beste ouer/ voog

Toestemmingsbrief wat deur leerder se ouer voltooi moet word

Joane van Heerden is die maatskaplike werker by [REDACTED] skool. Sy is tans besig met haar graad in MA (Maatskaplike Werk) in Forensiese Praktyk, te Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus. Om haar graad suksesvol te voltooi moet sy navorsing onderneem.

Die navorser se onderwerp vir haar skripsie is: "Gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n Kliniekskool." Die studie onderneem om te bepaal watter tipe gedragsprobleme kan waargeneem word by seksueel misbruikte seuns in 'n Kliniekskool.

Seuns van [REDACTED] Kliniekskool gaan by die studie betrek word. Daar sal van die seuns verwag word om saam met die navorser 'n vraelys te voltooi. Die konfidensialiteit en privaatheid van die leerders word verseker. Die vraelys sal in skooltyd onder toesig en met die nodige begeleiding voltooi word. Data verkry uit die vraelys sal in die navorser se skripsie vervat word.

U kind se emosionele welstand sal verseker word en indien nodig sal daar 'n ontlontingsessie wees.

Daar word versoek dat u as ouer of voog van die betrokke kind skriftelik sal toestemming gee dat u kind die vraelys mag voltooi.

Naam van betrokke kind: _____

Naam van ouer/voog: _____

Handtekening: _____

Datum: _____

U samewerking in die verband word waardeur.

Navorser: Joane van Heerden (Maatskaplike Werker, [REDACTED] Skool)

ADDENDUM C

Vraelys vir seksueel misbruikte seuns in [REDACTED] Kliniekskool

Verduidelik aan kind:

- Wat behels konfidensialiteit, privaatheid en anomiteit
- Hoe sy privaatheid verseker en gerespekteer gaan word
- Gee 'n kort omvang en samevatting van doel van die studie aan die kind
- Die deelnemer sal die geleentheid gebied word om enige vra te vra voor die aanvang van die onderhoud

Afdeling A: Identifiserende besonderhede

1. Ouderdom in jare

7 jaar	1	
8 jaar	2	
9 jaar	3	
10 jaar	4	
11 jaar	5	
12 jaar	6	

2. Huistaal

Afrikaans	1	
Engels	2	
Tswana	3	
Zulu	4	

Ander: _____

3. Etniese groep: _____

Afdeling B: Seksuele misbruik van die kind

1. Wat verstaan jy onder seksuele misbruik?

2. Hoe weet jy wat seksuele misbruik is?

3. Was jy al seksueel misbruik?

Ja,	Nee,
-----	------

Brei asb. uit

4. Hoe oud was jy toe jy misbruik was?

5. Deur wie is jy seksueel misbruik?

6. Dink jy seksuele misbruik het 'n invloed op 'n kind se gedrag?

Brei asb. uit:

7. Dink jy die feit dat jy seksueel misbruik is, het 'n invloed op jou gedrag?

8. Watter gedrag dink jy is as gevolg van seksuele misbruik?

9. Wanneer openbaar jy die volgende gedrag? Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie

Gedrag	Gereeld	Soms	Nooit
Ek jok			
Ek steel goed			
Ek gebruik vloekwoorde			
Ek maak seksuele opmerkings			
Ek boelie ander kinders			
Baklei met maats			
Baklei met sibbe			
Gooi "tantrums"			
Uitdagend (doen nie wat gevra word nie)			
Destruktief (breek goed)			
Brandstigting			
Slaan ander kinders			
Maak troeteldiere of ander diere seer			
Geïrriteerd / knorrig			
Spring op meubels			
Skop ander			
Beswadder ander			
Luidrugtig			
Wil nie eet nie			
Stamp ander			
Hardloop weg / dros			
Terg			
Verbale dreigemente			
Huil			
Skree			
Aggressiewe gedrag			
Aandag afleibaar			
Impulsief			
Onttrek van ander			
'n Onvermoë om by 'n daaglikse roetine te hou en take te doen			
Obsessief-en / of herhalende			

gedrag			
Voel depressief			
Betrek ander by seksuele spel			
Bet natmaak (enurese)			
Broek vuil maak (enkuprese)			

Baie dankie

Joane van Heerden

ADDENDUM D

Beste deelnemer

Toestemmingsbrief wat deur deelnemer voltooi moet word

Joane van Heerden is die maatskaplike werker by [REDACTED] skool. Sy is tans besig met haar graad in MA (Maatskaplike Werk) in Forensiese Praktyk, te Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus. Om haar graad suksesvol te voltooi moet sy navorsing onderneem.

Die navorser se onderwerp vir haar skripsie is: “Gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in ’n Kliniekskool”. Die studie onderneem om te bepaal watter tipe gedragsprobleme kan waargeneem word by seksueel misbruikte seuns in ’n Kliniekskool.

Personeel van [REDACTED] Kliniekskool gaan by die studie betrek word. Daar sal van die personeel verwag word om deel te neem aan ’n fokusgroep. Die konfidensialiteit en privaatheid van die deelnemer word verseker. Data verkry uit die fokusgroep sal in die navorser se skripsie vervat word.

U emosionele welstand sal verseker word en indien nodig sal daar ’n ontlastingssessie wees.

Daar word versoek dat u skriftelik toestemming gee vir die deelname aan die fokusgroep

Naam van deelnemer: _____

Handtekening: _____

Datum: _____

U samewerking in die verband word waardeer.

Navorser: Joane van Heerden (Maatskaplike Werker, [REDACTED] Skool)

ADDENDUM E

Skedule vir fokusgroepe

Gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n Kliniekskool

Fokusgroep:

Onderwysers	
Jeugwerkers	
"SBST"	

1. Verduidelik die etiese verantwoordelikheid en konfidensialiteit aan deelnemers:
 - Toestemming sal verkry word
 - Wat behels konfidensialiteit en privaatheid
 - Hoe deelnemers se privaatheid gerespekteer sal word
 - Gee 'n kort omvang en samevatting oor die doel van die studie aan deelnemers
 - Gee vir deelnemers die geleentheid om enige vrae te vra.
2. Skedule
 - Verduidelik asseblief. wat julle verstaan onder die konsep/term seksuele misbruik.
 - Het seksuele misbruik 'n invloed om 'n kind se gedrag
 - Wat se invloed het seksuele misbruik op 'n kind se gedrag
 - Watter tipe probleem gedrag openbaar seuns by [REDACTED] skool wat seksueel misbruik was
 - Het julle enige aanbevelings om hierdie seuns te hanteer?

Dankie,
Joane van Heerden

ADDENDUM F

Hiermee verklaar ek, Barbara Cynthia Hutchinson (ID 5806070039081), dat ek die taalversorging van die skripsie van Joané van Heerden (studente nommer 20038790), getitel "Gedragsprobleme van seksueel misbruikte seuns in 'n kliniekskool", behartig het.

Cynthia Hutchinson

082 443 2769

ADDENDUM G